

1984 046 35701



UOVS - BIBLIOTEEK



\*198404635701220000019\*

NIEMANS LEZEND OF HOOREND  
GLEN ONSTANDHOUDERS MIT DIE  
BIBLIOTEK VERWANDER WORD NIE

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK

\*198404635701220000019\*



DIE ROL VAN KREATIWITEIT EN EKSPERIMENTELE KLASTEGNIEKE IN DIE  
MUSIKALE ONTWIKKELING VAN DIE HEDENDAAGSE SKOOLKIND

deur

ANNA CECILIA MARIA KOORTZEN

Skripsie ingelewer vir die graad Magister Musica in die Fakulteit Lettere  
en Wysbegeerte Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

JANUARIE 1984

Studieleier : Mev. D. Heiberg.

Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

- 9 - 5 - 1984

T 781.42 K00

BIBLIOTEEK

DANKWOORD

Hiermee betuig ek graag my dank en hoogste waardering aan :

mev. D. Heiberg vir haar gewaardeerde bystand, hulp, leiding en inspirerende belangstelling.

mev E. du Toit vir haar hulpvaardigheid en taalkundige versorging.

ons Hemelse Vader deur wie se leiding ek die studie kon voltooi.

Wellington

A. C. M. Koortzen

Januarie 1984

INHOUDSOPGAWE

<u>HOOFSTUK</u>	<u>1</u>	<u>BLADSY</u>
Inleiding		1
Historiese agtergrond		3
<u>HOOFSTUK</u>	<u>2</u>	
Die waarde van musiek in die kreatiewe proses		7
Esteties		7
Sosiaal		7
Individueel		8
<u>HOOFSTUK</u>	<u>3</u>	
Die rol van die Opvoedkundige		11
<u>HOOFSTUK</u>	<u>4</u>	
Die Kind - 'n Skeppende Wese		15
Karakteristieke eienskappe van die voorskoolse kind		16
Die Laerskoolkind		17
Die Hoërskoolkind		19
<u>HOOFSTUK</u>	<u>5</u>	
Notasiesisteen		
1. Ontwikkeling van die notasiesisteen tot en met die hedendaagse eeu.		21
2. Toepassing in die klasmusiek		
2.1 Notasiesisteen :		
2.1.1 Kol - lyn sisteem		32

2.1.2	Blok- en Wigsistees	35
2.1.3	Simbole en teksture	37
2.1.4	Prentesistees	42
2.2	Opstelling van partiture :	43
2.2.1	Grafieke	43
2.2.2	Getalle	45
2.2.3	Sketse	47
2.3	Dirigeermetodes	53

## HOOFSTUK 6

### VOKALE IMPROVISASIE

6.1	Ontwikkeling van konsepte :	
6.1.1	Toonhoogte	55
6.1.2	Ritme	57
6.1.3	Skep van melodieë :	
6.1.3.1	Op ritmiese stimuli	60
6.1.3.2	Volgens simbole	62
6.1.3.3	Volgens 'n harmoniese progressie	62
6.1.3.4	Volgens woorde	63
6.2	Klank - en Woord improvisasie	
6.2.1	Klankimprovisasie	65
1.1	In die natuur	66
1.2	Menslike klanke	67
1.3	Klanke in die samelewing	68
1.4	Meganiese klanke	68
1.5	Stilte	69
1.6	Klankindikators	69
1.7	Metodes om bogenoemde projekte te lei	69

6.2.2	Woordimprovisasies	74
2.1	Woordspeling	75
2.2	Improviasie met woorde	76
INSTRUMENTALE IMPROVISASIE		
6.3.1	Tegniese vaardighede	80
6.3.2	Die Vervaardiging van Instrumente	81
6.3.2.1	Slaginstrumente van	
2.1.1	Hout	82
2.1.2	Velbedek	87
2.1.3	Metaal	93
2.1.4	Glas	96
2.1.5	Melodiese slaginstrumente	96
2.1.6	Verskillende slanners	100
6.3.2.2	Snaarinstrumente	101
6.3.2.3	Blaasinstrumente	105
6.3.2.4	Ander instrumente	108
6.3.3	Wenke vir die stimulering van instrumentale improviasie	110
6.3.3.1	Ritmiese improviasie	111
3.1.1	Volgens getalle	111
3.1.2	Volgens woorde	112
3.1.3	Ritmepatrone van bekende lied- jies	112
3.1.4	Liggaamslagwerk	113
6.3.3.2	Melodiese improviasie	114
3.2.1	Gebruike van verskillende toonaarde	114
6.3.4	Die gebruik van notasie en partiture	116
4.1	Grafieke	122
4.2	Getalle	123
4.3	Simbole	123

4.4	Blok- en Wigsistees	125
4.5	Prentesistees	127

## HOOFSTUK 7

### Kreatiewe bewegingsleer

Inleiding		128
7.1	Riglyne	130
7.2	Basiese bewegings	131
	7.2.1 Lokomotoriese beweging	132
	7.2.2 Nie-lokomotoriese beweging	132
7.3	Faktore wat bewegings beheer	
	7.3.1 Ruimte	133
	7.3.2 Tyd	134
	7.3.3 Krag	135
7.4	Idees vir kreatiewe beweging	135
	7.4.1 Perseptuele waarneming	136
	7.4.2 Konsepte	137
	7.4.3 Woorde,gedigte en kuns	140
	7.4.4 Stories	141
	7.4.5 Gebeurlikhede en Situasiess	141
	7.4.6 Volksdanse	142

## HOOFSTUK 8

Speletjies om kreatiwiteit te stimuleer		143
1.	Instrumentale gesprekke	144
2.	Materiaalsimfonie	145
3.	Middernag in 'n speelgoedwinkel	147
4.	Klankprente	148
5.	Tennisspel vir 4 snaarinstrumente en slagwerk	150
6.	Morse-kodespel	150

7.	Blindemol	151
8.	Warmpatat	152
9.	Tekenspel	152
10.	Telefoontjie	153
11.	Wisselspeletjie	154
12.	Raaisels	155
13.	Reaksiespeletjie	156
14.	Eggo-speletjie	156

## HOOFSTUK 9

### PROJEKTE EN KREATIEWE BELUISTERING

9.1	Inleiding	157
9.2	Godsdiens	158
9.2.1	Die Skepping	158
9.2.2	Feesmaal van Bélsasar	160
9.3	Geskiedenis en Aardrykskunde	164
9.3.1	Ontwikkeling van meganika	164
9.3.2	Verskillende tydperke	164
9.3.3	Geskiedkundige gebeure	166
9.4	Omgewingsfaktore	
9.4.1	Die see	168
9.4.2	Stad	171
9.4.3	Insekte en voëls	174
9.4.4	Diere	177
9.4.5	Natuur	
5.1	Plante	179
5.2	Water	188
5.3	Kleur	196

9.5	Wetenskap	200
9.5.1	Masjinerie	200
9.5.2	Ruimte	206
9.5.3	Gebeentes	211
9.5.4	Tyd	214
9.6	Kunste	
9.6.1	Letterkunde	218
9.6.1.1	Poësie	218
9.6.1.2	Woorde	222
9.6.1.3	Stories	224
9.6.2	Skilderkuns en beeldhoukuns	226
9.7	Etniese groepe	
9.7.1	Afrika	232
9.7.2	Indië	239
9.7.3	Latyns Amerika	248
9.8	Kontemporêre tegnieke	
9.8.1	Aleatoriek	251
9.8.2	Poliritmiek	253
Bylaag A	: Verklarings van afkortings	256
Bylaag B	: Illustrasies	257
Bylaag C	: Bibliografie	260

H O O F S T U K 1

INLEIDING

In die tradisionele klasmusieksituasie word leerlinge se deelname dikwels beperk tot "kyk en hoor", in plaas van "waarneem en doen". By eersgenoemde geval is die leerkrag die aktiewe persoon wat alles behartig en verskaf - die leerlinge bly passief, hulle luister net en sing. Hierdie metode is vanselfsprekend soms noodsaaklik. Daar is vasgestel dat die vermoë om musiek te leer, gestimuleer word deur die leerlinge te betrek en self te laat werk. Die volgende Chinese spreekwoord het heeltemal gelyk :

"I hear and I forget

I see and I remember

I do and I understand."

Die leerlinge moet aangemoedig word om te ondersoek, te ontdek en te werk teen 'n tempo wat hulle pas. Die begeerte om d.m.v. betrokkenheid en deelname te leer moet by die leerlinge self ontstaan - die leerkrag moet hulle net stimuleer.

Die klasmusiek van vandag behoort so aangebied te word dat dit as teenwig sal dien vir 'n eentonige klassituasie en verveelde leerlinge. Die kind van vandag sien dinge in 'n ander lig - die dinge om hulle moet lewe, daarom is eksperimentele musiek in 'n mate die antwoord.

My ondervinding in die klasmusieksituasie het bewys dat leerlinge met entoesiasme en oortuiging deelneem in hedendaagse skeppende eksperimentele projekte. Dit werk ook terapeuties in op die ooraktiewe talentvolle leerling en veral op die hiperaktiewe kind wat na 'n uitlaatklep soek vir sy latente skeppende talente. Hulle vind hierin nie alleen 'n manier om hul

artistieke gevoelens te kanaliseer nie, maar ook stimulering en 'n sekere mate van bevrediging waar hy dit andersins nie vind nie.

Hierdie ondervinding het ook bewys dat leerlinge in groepsverband op 'n genotvolle manier met die komponente van musiek kennismaak sonder die droë eentonige feiteleer van teoretiese kennis. Alleen d.m.v. skeppingswerk word hul gelei tot die waardering en evaluering van goeie opbouende musiek.

Hierdie eksperimentele werk in die klasmusiek het bewys dat kinders hedendaagse kontemporêre werke waardeer en verstaan. Dit wat hul self geskep en ervaar het, het gedien as agtergrondkennis. Dit is verbasend in hoe 'n groot mate hulle avant-garde musiek soos dié van Penderecki, Cage en Copland kan waardeer. Hierdie musiek spreek baie selde tot die ouer geslag.

## HISTORIESE AGTERGROND

Die voortbestaan van enige kunsvorm word bevraagteken as diegene wat dit onderrig nie in pas bly met diegene wat dit beoefen nie. Deur tred te hou met nuwe ontwikkelinge en deur dit te integreer by jou vakinhoud, bly die vak lewendig en interessant.

Tot 1965 het klasmusiekonderrig in die "Westerse Skole" gekonsentreer op Westerse musiek van die E 18 en E 19, maar sedertdien het daar ontwikkeling wat vandag nog toegepas word, plaasgevind, nl. :

1. Musiek van alle kulture en tydperke word vandag gebruik, nie slégs om die insig en genot van musiek in sy menige vorme te verbreed nie, maar dit bevorder ook 'n bewustheid van die kultuur en musiek van ander rasse. In ons eie kultuur moet meer klem gelê word op die musiek van die E 20, want dit is opvoedkundig van groot belang dat die kind homself moet kan identifiseer met eietydse musiek.
2. Die tendens om musiek te betrek by ander kunste soos skilderkuns, beeldhoukuns, drama, bewegingsleer, literatuur en die wetenskap is nog 'n belangrike ontwikkeling in die musiekopvoeding. Visuele en komposisionele elemente van musiek soos lyne, kleur, vorm, eenheid en verskeidenheid, herhaling, kontras, balans, klimakspunte, ens. wat ook in ander kunste voorkom, word ontdek en verwerk in musiek.
3. 'n Nuwe neiging kom voor in die komposisietegniek van die twintigste eeu, nl. die klemverskuiwing na klankkleur.

Gedurende die E 18 is groter voorkeur aan melodie en vorm gegee. Sekere kulture beklemtoon weer die ritmiese element, bv. Afrika - kulture.

Na Debussy was daar nie meer die behoefte om die elemente van musiek gebalanseerd te hou nie, en vind ons dat komponiste soos Debussy, Mahler en Schönberg, in hul musiek die klem sterk op toonkontraste laat val. Komponiste soos Stravinski, Charles Ives en Schönberg het dissonante vir die oor aanvaarbaar gemaak.

Edgar Varèse eksperimenteer ook met verskillende klanke van 'n groot aantal slaginstrumente.

Stockhausen slaag daarin om in sy "Microphonies" No. 1 & 2 elektroniese klanke met die klanke van 'n orkes te kombineer. Hierdie tegniek bied eindelose moontlikhede vir hedendaagse komponiste. Ook in die werke van Penderecki en Ligeti word alle bande met tradisionele tegnieke verbreek en vind ons slegs komplekse strukture van tekstuur en klankkwaliteite.

Die belangrikste aspek van die ontwikkeling van die E 20 se musiek is dus die klemverskuiwing na eksperimentering met toonkleur. Hierdie eksperimentele tegnieke moet vereenvoudig word vir die aanwending en gebruik in klasverband in ons skole.

John Cage, in 'n toespraak in 1937, sien die toekoms van musiek as volg :  
"I believe that the use of noise to make music will continue and increase until we reach a music produced through the aid of electrical instruments." (1)  
Hy voorspel ook dat: "The present methods of writing music, principally those which employ harmony.....will be inadequate for the composer, who will be faced with the entire field of sound." (2)

Christian Wolff sien vandag se komposisie as volg : "The procedure..... tends to be radical, going directly to the sounds and their characteristics." (3)

1. Paynter, J., Hear and Now, p. 16  
2+3. Paynter, J., Hear and Now, p. 17

Die belangrikheid van kreatiwiteit en improvisasie word beklemtoon in die standpunte van beroemde pedagoë.

Die Switserse pedagoog Emile Jacques - Dalcroze (1865 - 1950) het 'n sisteem daargestel waarin hy die hele liggaam by ritmiese musikale improvisasie betrek.

Zoltan Kodály (1882 - 1967) die beroemde Hongaar het 'n musiekopvoedkunde-program ontwikkel wat gebaseer is op die volkslied, en hy beklemtoon ook die musikale ontwikkeling van die kind vanaf driejarige ouderdom asook die ontwikkeling van sy skeppingsvermoë.

Die Duitse komponis, Carl Orff (1895 - ) se benadering t.o.v. musiekopvoeding is gebaseer op die skep van kort melodiese en ritmiese strukture, asook vorm. Later het hy ook die klem laat val op harmonie en dinamiek. Die behoefte van die kind om te skep word weerspieël in Orff se beklemtoning van improvisasie - individueel of in groepsverband.

Fröbel heg groot waarde aan die "losse moderne styl" en in sy boek "Der Mensch ein Schöpfer" propageer hy die selfwerkzaamheid van die kind.

In "Das Schaffende Kind in der Musik" beskou Fritz Jöde improvisasie as van oorwegende belang in die klasmusiekopvoeding van vandag.

Op verskeie konferensies en seminare sedert 1960, is die verandering in musiekopvoeding bespreek. Tydens die seminaar oor musiekonderwys by Yale - Universiteit (1963) is algemeen besluit dat die leerplan ontoereikend is vir die bekendstelling van die twintigste-eeuse musiek. Voorstelle is ingedien om musiek t.o.v. melodie, ritme, harmonie en vorm te benader.

Leerplanne is ook opgestel met die klem op musiekbeluistering, sodat dit doelgerigter en met meer insig aangebied kan word.

Meer klem word gelê op die skeppende aspek van musiek. By die opstelling van projekleerplanne (Manhattenville 1970) val die klem op kreatiwiteit. Die kind moet aangemoedig word om te komponeer, op te tree, te dirigeer, sinvol te kritiseer en te analiseer. Die klasmusieklokaal moet gesien word as 'n laboratorium waar musiek deur ervaring ontdek word. Die eksperimente wat gedoen word, moet draai om die nuwe benadering van kontemporêre musiek.

Hoewel daar in Suid Afrika wel improviserend en kreatief te werk gegaan word, is dit minimaal en eerder die uitsondering as die reël. A.g.v. die Orff - stelsel wat vandag oor feitlik die hele Westerse wêreld sowel as Japan en die Midde - Ooste in die klasmusiek ingevoer is, het improvisasie wel gevorder maar nie soseer eksperimentele improvisasie t.o.v. hedendaagse klankeksperimentering en klankimplimentering nie.

Amerika en Kanada word beskou as die toonaangewende lande op die gebied van hedendaagse eksperimentele musiek. Dit is te danke aan pedagoë soos George Self, John Paynter en Murray Schafer. In England het Brian Dennis met "Experimental music in Schools" en "Projects in Sound" baanbrekerswerk op die gebied gedoen.

## H O O F S T U K 2

### DIE WAARDE VAN MUSIEK IN DIE KREATIEWE PROSES

Skeppende werk, hoe hedendaags of eenvoudig, bied iets wat geen ander musikale aktiwiteit kan bied nie. Daarom moet dit 'n belangrike rol speel in die musiekleerplan. Dis dan ook die klasmusiekleerkrag se plig om hierdie werk te bevorder.

Skeppende aktiwiteite het baie waarde :

#### Esteties :

Dit lê in die wese van musiek om emosies, wat belangrik is vir die kind se bewuswording en kennis van skoonheid, te stimuleer. Sensitiwiteit t.o.v. musiek en ander kunste dra by tot die kind se selfkennis en verhouding tot sy medemens. Die rol wat musiek speel in die bevrediging van die kind se estetiese en emosionele behoeftes en die belangrikheid daarvan in die ontwikkeling van sy bewustheid van ons kulturele erfenis, word deur die owerheid erken. Daarom is musiek 'n belangrike deel van die skoolleerplan.

#### Sosiaal :

Die toekoms van ons beskawing hang grotendeels af van die kwaliteit van die kreatiewe vermoë van ons opkomende geslag. I.p.v. om op 'n klomp feitekennis te konsentreer, moet die ontwikkeling van die kind as sulks, hul denkrigtings, hul produktiwiteit, hul verantwoordelikheid, hul evaluasies van dit wat gehoor en gesien word en die waardebeepaling van hul eie idees, verantwoordelik gekanaliseer word.

Die kind maak "saam musiek" in groepsverband. Hier leer hulle aanvaarding van mekaar, leierskap, verantwoordelikheid en samewerking. Die waarde hiervan is nié tydelik nie, dit vorm die grondslag waarop die kind in sy latere lewe ge-

sonde sosiale betrekkinge kan bou.

Individueel :

By die hedendaagse musiekopvoeding val die klem op die individuele kind. Skeppende werk, ten spyte van meningsverskille, spreek tot elke kind. Uit die groot verskeidenheid van aktiwiteite kan elke kind in een van die komponente iets vind waarin hy suksesvol kan wees. Terselfdertyd kan hy ook uitdrukking gee aan sy gevoelens sonder enige vrees vir mislukking. Individuele pogings moet ook aangemoedig en geprys word. Suksesvolle onder- vinding in musiekaktiwiteite bevorder ook die kind se selfbeeld en self- identifikasie. Dit dien as 'n stimulus vir optrede ook op ander gebiede.

Opvoeding t.o.v. die totale kind, impliseer liggaam en gees. Musiek lei hulle tot selfonrdekking. Op alle vlakke van ontwikkeling behoort alle kinders die geleentheid te kry om die literatuur van musiek te ontdek, om daarop te beweeg en om daardeur beweeg te word.

T.o.v. enige vak waar die kind toegelaat word om self te skep, word sy belangstelling geprikkel en bevorder. Skeppende aktiwiteite stimuleer sy entoesiasme. Dit bly 'n unieke ondervinding en speel 'n groot rol in die opvoeding op alle vlakke en in alle vakke.

'n Skeppende aktiwiteit betrek die kind in 'n gebeurlikheid en die leerproses word vir hom lewendig en betekenisvol - hy kan nie dagdroom nie, katterkwaad aanvang en die doel van die les mis omdat hy nie belangstel nie, want verant- woorde metodes wat soms kompleks is in terme van hul eindresultaat, word gebruik.

Die leerproses word d.m.v. skeppende werk verstewig. Teorieleer word meer betekenisvol ook as ervaringsmoontlikheid vir groter bedrewenheid en bekwaam- heid. Waar musiek geïntegreer word in die leerproses gee dit ook 'n nuwe

dimensie aan ander vakke.

Skeppende aktiwiteite impliseer ook individuele verskille t.o.v. sang en spel, fisiese ervarings, intellektuele analyses of emosionele ervarings. Die uitvoerende kunstenaar sal dit geniet om te improviseer, harmoniseer en te versier. Aan hom moet die geleentheid gebied word om 'n harmoniese begeleiding te skep, 'n deskant by te voeg, 'n kadens te improviseer of 'n teenstem by te voeg.

Die Kinestetiese reageerder kry die geleentheid om fisies ritmiese reaksie te improviseer, 'n dansie uit te werk, mimiek te doen of om te dramatiseer.

Die intellektueel-begaafde kind kry die geleentheid om vorme en strukture uit te werk, tone te kombineer, ens.

Die emosioneel-sensitiewe kind kry die geleentheid om in sy verbeelding gemoedstoestande, kleure, tonele en dramatiese situasies te beleef, terwyl hy na musiek luister.

Die notasiesisteen en metodes van klankproduksie is baie eenvoudig en verstaanbaar, ook vir diegene met geen kennis van musieknotasie nie.

Die metode bied aan die leerkrag die geleentheid vir opleiding in konvensionele notasie. Daar kan beweeg word binne die beperking van 'n meer radikale sisteem. By die aanleer van tradisionele notasie word verveling uitgeskakel deur die werk prakties aan te bied.

Kinders leer om intensief te luister en sodoende word gehoorspersepsie vergroot. Waardering van alle musiek in die verlede en die hede kan spontaan hieruit vloei waardeur weer eens verveling voorkom word.

Eksperimente met klank bevredig een van die mees fundamentele behoeftes van die jong kind nl. die drang om te ontdek, om aktief deel te neem en betrek te word in 'n gekorporeerde aktiwiteit - eerder as slegs passiewe absorbering van die abstrakte. Die mooiste musiek kan by 'n kind verbygaan, maar wat hy vir homself ontdek as 'n spontane uitvloeisel van 'n praktiese aktiwiteit, sal by hom bly.

### H O O F S T U K 3

#### DIE ROL VAN DIE OPVOEDKUNDIGE

Elke kind kan uit enige element van musiek iets unieks skep -, iets wat hom bevredig en wat hy met ander kan deel, hoe eenvoudig dit ookal is. Die vermoë om skeppend te werk, is nie vanselfsprekend nie, daar moet 'n behoefte wees, 'n basiese kennis en ervaring van musiek, asook die regte toerusting.

Die leerkrag moet glo dat skeppende werk belangrik, geoorloof en wenslik is.

Navorsing het getoon dat suksesvolle skeppingsvermoë grotendeels afhang van die individu se kennis op daardie gebied. Hoe sinvoller die ondervinding wat kinders in musiek opgedoen het is, hoe beter is hul toegerus om selfstandig, onafhanklik en sinvol te skep.

Vir die leerkrag wat kinders sinvol in die regte denkrigtings wil lei, is kennis van die tegnieke wat komponiste gebruik wat dieselfde werk doen, baie belangrik. Die leerkrag moet oor 'n onuitputbare bron van idees beskik en hulle kan demonstreer. Deeglike voorbereiding is noofsaaklik, maar idees spontaan ontstaan, is beter as gedurige naslaan van notas. Dit kan lei tot ongewenste pouses en die vloei van die les onderbreek, asook kostbare tyd verkwis.

Kinders moet daarop gewys word dat daar nie voortdurend nuwe materiaal hoef te wees nie, maar dat 'n komposisie uit slegs 'n kernmotief kan ontwikkel.

Daar moet verskeidenheid wees. 'n Balans tussen eenheid en verskeidenheid moet gehandhaaf word, en die eindproduk moet in gedagte gehou word.

Aanvanklik moet meer klem gelê word op die skeppende proses as op die eindproduk en hierin lê die sleutelrol van die leerkrug. Wat kan hy/sy doen om die proses te stimuleer? Wat moet gedoen word om te begin, te skep, weg te neem, by te voeg, te ontleed? Hoe kan daar by die kind 'n groter bewustheid gekweek word? Watter tipe vrae, materiaal en atmosfeer sal 'n kind inspireer om verder te soek, te ontdek en vas te lê?

Die mate van sukses in enige skeppende aktiwiteit hang grotendeels af van die atmosfeer wat die onderwyser in die klaskamer skep. 'n Oor-gedissiplineerde atmosfeer vergroot die spanning en kan die kind so beïnvloed dat dit 'n stremming kan wees vir oorspronklike denke. Die kind is dan ook meer terughoudend. Aan die anderkant kan 'n té ontspanne atmosfeer lei tot geraas en wanorde. Elke kind moet weet dat sy bydrae altyd welkom is, hoe gering ookal. Daar mag geen vrees wees vir mislukking, belaglikheid, verleentheid of verwardheid nie. Dit is dus die leerkrug se taak om die regte atmosfeer te skep.

Kinders moet ook toegerus word met voorbeelde van geskikte notasiesisteme om hul komposisies te noteer, aangesien die kompleksiteit van sommige skeppings te groot is vir die tradisionele notasiesisteme.

Die leerkrug moet die kind (en die klas) kan lei om dit wat hy geskep het, krities te evalueer. Elke projek moet musikaal en esteties verantwoord wees. Indien die kind se pogings waarlik skeppend is, kan daar geen verkeerde of korrekte antwoorde wees nie die enigste ware ontleding in die proses van komposisie moet deur homself gemaak word. Die volgende vrae kan as riglyne dien :

1. Vorm die eindproduk 'n eenheid?
2. Is die eindresultaat dit wat hulle in gedagte het?
3. Is daar enigiets wat bygevoeg, weggelaat of hersien moet word omdat dit die geheel versteur?
4. Sal dit die moeite werd wees om na te luister?

Brian Dennis <sup>(4)</sup> gee die onderstaande as riglyne vir 'n planmatige en strukturele aanbieding:

1. 'n Bespreking van die inhoud van die aktiwiteit.
2. Ontwikkeling van die gegewens individueel of in groepe.
3. Terugvoering en bespreking van materiaal.
4. Voorspeel en evaluering van komposisies.

#### Probleme en moontlike oplossings

My ondervinding is dat daar tydens groepwerk baie selde dissiplinêre probleme is. Die meeste leerlinge is te besig om aktief en mededingend te skep om moeilik hanteerbaar te word, want hier word hul gemotiveer om te skep - 'n geleentheid wat baie min ander skoolwerk bied. Waar daar wel soms probleme ontstaan, is dit te wyte aan onvoldoende leiding en onduidelikheid t.o.v. dit wat gedoen moet word. Daar mag wel by uitsondering 'n situasie opduik waar 'n probleemleerling uit 'n groep gehaal moet word.

'n Verdere probleem mag opduik a.g.v. te min instrumente. Hier moet hul juis gemotiveer word om kreatief te werk te gaan en hul eie instrumente te vervaardig.

Die beperkte werksruimte is nog 'n probleem. In samewerking met die personeel kan voorsiening gemaak word vir ander beskikbare lokale of oefenkamers.

Die beskikbare tyd, is 'n ander probleem. Indien 'n projek langer as 'n

4. Dennis, Brian., Experimental music in schools, p. 50 - 53.

periode duur, kan dit byvoorbeeld in een periode bespreek en met 'n groep leerlinge gedemonstreer word terwyl die ander groepe gedurende pouses daaraan moet werk vir terugvoering in die volgende periode. Dis ook wenslik dat daar 'n uurperiode i.p.v. twee halfuur periodes per week moet wees.

Buitestaanders wat soms skepties teenoor hierdie werk staan, kan ook probleme skep. Hulle kan egter verseker wees dat dit geensins die tradisionele klasmusiek verplaas nie, maar dat hierdie eksperimentele projekte essensieel is en in alle erns gedoen moet word vir die opvoedkundige waarde daarvan.

Dit is baie belangrik dat hierdie tipe werk nie werk is wat slegs op sekere dae of een of twee keer per kwartaal gedoen word nie, omdat dit lank neem om kinders te leer om in hierdie idioom te dink. Die ideaal is dat sekere aspekte van skeppende werk by elke les gedoen word. Sodoende kry die kind die geleentheid om sy eie idees te ontwikkel veral deur ook na musiek te luister.

Soms is die projekte nie so suksesvol nie maar dit skep tog 'n gevoel van eierwaarde en trots by die leerlinge.

T.o.v. die leerkrag is hierdie projekte soms meer uitputtend as konvensionele werk, maar dit bly tog stimulerend en daarom die moeite werd.

Die vitaliteit en entoesiasme van die leerkrag moet die klas geïnteresseerd hou in die werk. Hy moet hulle konstant inspireer om net hul beste te gee. Dit is nie altyd die hoogs gekwalifiseerde leerkrag wat die beste resultate behaal nie, maar soms wel die entoesiastiese amateur wat geïnteresseerd is in hierdie werk.

Dit is duidelik dat ons kinders 'n wêreld tegemoet gaan waarin hul toenemend kreatiesal moet wees om te kan bestaan. Dit is die klasmusiekonderwyser se taak om hulle daarvoor voor te berei.

H O O F S T U K 4

DIE KIND - 'n SKEPPENDE WESE

Om die skeppende aktiwiteit sinvol te laat verloop moet ons die kind ken, hom verstaan en weet waarin hy belangstel in die betrokke ontwikkelingsfase waarin hy hom bevind.

Van sy geboorte beskik die kind oor fisiese, intellektuele en emosionele behoeftes wat interafhanklik van mekaar is en dus mekaar beïnvloed. Enigiets wat met die een deel gebeur affekteer ook die ander, dus kan dit soms probleme vir die leerkrag skep om te bepaal hoe die kind gaan reageer en optree in sekere situasies.

Kinders verskil individueel, maar ongeag hul individuele verskille, gaan almal deur sekere stadia van ontwikkeling. Alle kinders volg 'n algemene basiese groeipatroon, maar op hul eie individuele manier en tempo.

Die ontwikkelingsproses van die mens kan in die volgende fases ingedeel word. (5)

1. Die vorgeboortelikefase.
2. Die suigelingsfase (vanaf geboorte tot ongeveer 9 maande).
3. Die oorgangsfase (ongeveer vanaf 9 - 18 maande).
4. Die kleuterfase (vanaf 18 maande - 6 jaar).
5. Die kinderfase : (vanaf 6 - 12 jaar). Soms ook die intellektuelefase genoem. Hier onderskei ons tussen die fantasie - en sprokiesfase. (6 - 9 jr) en die realistiese fase (9 - 12 jr).
6. Adolessensie. Die aanvangsouderdome verskil van kind tot kind maar die gemiddelde ouderdom vir dogters is 12 jr. en vir seuns 13 jr. tot ongeveer 21 jr.

7. Volwassenheid : Die jare wat die individu hom in die volwasse samelewing oriënteer.

Karakteristieke eienskappe van die voorskoolse kind (Geboorte - 6 jaar)

Geboorte - 2 jaar :

Gedurende hierdie fase ontwikkel die kind se verbeelding en konkrete voorstellingsvermoë. Hy is gretig om enigiets te ontdek d.m.v. sintuiglike waarneming. Alles wat hy waarneem wil hy betas en proe. Aangesien die kind nog slegs in die aanvangsstadium van verbale ontwikkeling is, is die ver naamste vorms van kommunikasie gesigsuitdrukkings en gebare. Namate die begrip en betekenis van die gesproke woord egter toeneem, moet hul begin om eenvoudige liedjies aan te leer.

Kreatiwiteit kan gestimuleer word deur eenvoudige speletjies, vingerspeletjies, aksieliedjies ens. Die drang om te ontdek, moet vir die kind geskep word deur 'n veilige omgewing daar te stel.

2 - 4 Jaar :

Deur sy onafhanklikheid a.g.v. sy toenemende bewegingsvermoë ontdek die kind sy omgewing. Hy is nuuskierig en stel belang in alles rondom hom, ontdek dinge op sy eie unieke manier, veral ook deur vraagstelling. Hy raak opgewonde oor die wonders van die natuur en hier kan die ouer saam met die kind sy ontdekking deel in ontluikende blomme, groeiende plantjies, klein diertjies, verkleurde blare ens. Hy herhaal sy ondervindinge deur verbale- en verbeeldingspel. Hy is baie egosentries, wil dinge self doen en is in staat om hom met ander persone te identifiseer.

Musiekaktiwiteite interesseer die kind baie. Omdat sy konsentrasievermoë aansienlik groter is, is hy in staat om liedjies, rympies, aksieliedjies ens. aan te leer, deel te neem aan eenvoudige instrumentale spel en om liggaams-

bewegings te doen op voorgespeelde musiek. Aanmoediging kan gegee word om te eksperimenteer met verskillende klankbronne, insluitende sy eie stem.

Enige poging van kreatiwiteit en selfontdekking moet vir die kind 'n aangename, genotvolle ondervinding wees, aangesien 'n onaangename, vreesvolle ondervinding net sy vertroue in en entoesiasme vir nuwe ontdekkings kan skaad.

#### 4 - 6 Jaar :

In hierdie fase begin die kind om te beplan. Hy raak bewus van sy maats en geniet groepsaktiwiteite. Hy geniet dramatisering van sosiale rolle bv. die juffrou, die polisieman, die soldaat, die haarkapster, ens. Die nabootsing van die ouers se daaglikse aktiwiteite, gewoontes, sêgoed, ens. kom ook dikwels voor. 'n Ryke verbeelding kom na vore in sy algemene spel en gesprekke asook in die stories wat hy improviseer. Sy woordeskat neem aansienlik toe, so ook sy vermoë om eenvoudige musikale begrippe bv. tempo, toonhoogte en dinamiek aan te leer. Sy ritmiese vermoë verbeter en hy is in staat om deur beweging of instrumentele spel op die reëlmatige slag van musiek te reageer.

Selfvertroue kan ontwikkel word deur kreatiewe woordspelletjies, klank, vrye beweging en dramatisering.

#### Die Laerskoolkind

##### 1) Junior Primêre fase : (6 - 8 Jaar)

'n Kenmerk van kinders van hierdie ouderdom is dat hul besonder energiek is en elke oomblik gereed en gretig is om aan liggaamlike aktiwiteite deel te neem. Motoriese vaardigheid vorm 'n basis vir die kind se intellektuele, emosionele en sosiale ontwikkeling. Om hierdie rede behoort kinders aangemoedig te word tot kreatiewe beweging. Baie tyd moet afgestaan word om kreatiwiteit te bevorder d.m.v. liedjies, stories, dramatisering van karakters, fantasieë, ens.

Die kind stel ook belang in sy onmiddellike milieu en die daaglikse gebeure.

Seuns en dogters speel en werk nog saam, dus is groepsaktiwiteite van groot belang. Die kind het 'n groot behoefte aan aanmoediging en goedkeuring vir enige tipe kreatiwiteit. Hulle reageer ook spontaan op die entoesiasme van die leerkrag.

2) Senior Primêre fase : (8 - 12 Jaar)

Vinnige fisiese ontwikkeling vind plaas, veral 'n toename in lengte en gewig. Die kind is baie sensitief oor wat ander van hom dink, hy raak bewus van sy eie uniekheid, hoe hy van ander verskil en indien hy sekere dinge nie kan baasraak nie, kan dit hom hewig ontstel. Hy moet gelei word om te beseef en te aanvaar dat hy nie op elke gebied kan presteer of uitblink nie.

Aangesien sy konsentrasievermoë aansienlik vergroot, kan langer projekte wat deurlopend interessant is, onderneem word. 'n Sterk drang na groepsgebondenheid veral t.o.v. sy eie geslag word ondervind. Die belangstelling van dogters en seuns verskil en 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite om in individuele verskille te voorsien, moet gedoen word. Oog-hand-koördinasie kom tot volle ontwikkeling en kreatiwiteit t.o.v. instrumentale spel kan veral aangemoedig word. Kreatiewe beweging, veral op humoristiese/komiese vlak, word baie geniet.

Vanaf 10 - 12 jaar is daar 'n merkbare verskil in die belangstellingswêreld van seuns en dogters. Dogters raak rustiger en stel belang in leeswerk of spel terwyl seuns na eerstehandse ondervinding soek. Artistieke en musikale talente ontwikkel vinnig en baie tyd moet spandeer word om kreatief te werk, te ontdek, te beplan, besluite te neem, te lees en te kommunikeer t.o.v. hul kennis en ondervinding. Projekte oor die ruimte, natuurverskynsels, rasse-groepe, letterkunde ens., kan geloods word. Die individu moet ook aangemoedig word om 'n diepgaande studie te maak van die onderwerpe. Musieklesure kan langer wees en kreatiewe beluisteringsessies kan verleng word.

Die kind moet ook gelei word om te onderskei tussen reg en verkeerd gedurende hierdie fase van sy lewe.

### Die Hoërskoolkind

#### Adolessensie : (12 - 18 Jaar)

Adolessensie kan beskryf word as die oorgangsperiode van kindwees tot volwassenheid, van afhanklikheid na onafhanklikheid en kom min of meer ooreen met die tienerjarige stadium. Die aanpassings wat die tienerjarige in ons huidige ingewikkelde sosiale en ekonomiese lewe moet maak, plaas baie van hul onder ongewone spanning en konflik, daarom is dit uiters belangrik dat die leerkrag die aard van hierdie oorgangsperiode verstaan.

Aspekte wat sy ontwikkelingsgang beïnvloed is hoofsaaklik te wyte aan fisiese verandering en die gevolglike afwykinge in sy normale gedrag, emosionele lewe, fantasielewe, sosiale aanpassing en strewe na onafhanklikheid. Elke kind word op 'n unieke wyse geaffekteer. Leerkragte wat die adolessent se probleme begryp, kan baie doen om hom te help om 'n suksesvolle oorgang na volwassenheid te maak. Aan die anderkant kan 'n leerkrag weens gebrek aan begrip en belangstelling, juis bydra tot 'n kind se frustrasie en gevolglike wanaanpassing. Onder die regte leiding kan hierdie tydperk die aangenaamste van sy lewe wees - 'n tyd van ontdekking, genieting, en strewe na die wonderlike ondervindinge wat die lewe bied.

#### 12 - 14 Jaar

Veral gedurende hierdie fase het fisiese en emosionele ontwikkeling die grootste uitwerking op die algemene gedrag van die kind.

Op sosiale en emosionele gebied is dit die tydperk van avontuur, opwinding en uitdagings. Seuns en dogters meng nog nie graag nie, maar hul is in staat om met verbeeldingryke idees op artistieke, musikale en meganiese gebied tevoorskyn te kom. Hulle is nog baie groepsgebonde en bang vir verwerping deur hul maats.

14 - 16 Jaar

Baie van hul verbeeldingsaktiwiteite fokus op 'n toekomstige loopbaan, alhoewel avontuur nog die sleutelwoord bly vir alle fasette vir beide geslagte.

Groepsaanvaarding is nog belangrik, daarom kan baie groepsaktiwiteite beoefen word. Gedurende hierdie periode moet projekte gedoen word om die individu te help om sy moontlikhede te ontdek asook hoe hy dit kan toepas om sukses te behaal in 'n latere loopbaan. Hulle het ook 'n behoefte aan hulp om hul skeppingswerk realisties te evalueer.

16 - 18 Jaar

Die kind se belangstellings is meer stabiel en meer vryheid kan gegee word om sy kennis kreatief toe te pas en self te ontdek wat sinvol is.

Hy beskik oor die vermoë om in terme van abstraktheid te dink en musiekprojekte wat hierdie vermoë ontwikkel kan op enige vakgebied toegepas word. Hy stel veral ook belang in loopbaangerigte aktiwiteite.

H O O F S T U K 5

NOTASIESISTEME

'n KORT OORSIG OOR DIE ONTWIKKELING VAN NOTASIE

Notasie is simbole wat 'n komponis gebruik om sy idees op papier vas te lê. Die ontwikkeling van notasie kan gesien word in partiture van die vroegste eeue.

Die vroeë Christelike musiek gedurende die 4<sup>e</sup> en 5<sup>e</sup> eeu is hoofsaaklik as kolle op 4 lyne gegropeer.

1

Te De-um lau-dá-mus : te Dó-mi-num con-fé-sámur. Te se-tér-nam Pa-trem  
om-nis ter-ra ve-ne-rá-tur. Tí-bi om-nes Ange-li, tí-bi cae-li & u-ni-úersae  
po-pu-lí-tes : Tí-bi Ché-ru-bim & Sé-rá-phim in-ces-sá-bi-lí vo-ce pro-clá-mant :  
San-ctus, San-ctus, San-ctus Dó-mi-nus De-us Sá-ba-oth. Ple-ni sunt cae-li & ter-ra  
ma-jes-tá-tis gló-ri-ae tu-ae. Te glo-ri-ó-sus A-pos-to-ló-rum cho-rus,  
To Pro-phé-tá-rum lau-dá-bi-lis ná-me-rus, Te Már-ty-rum can-di-dá-rus  
lau-dat ex-er-cí-tus. Te per-or-be-m ter-rá-rum sanc-ta con-fé-tus Ec-clé-sí-a,  
Pa-trem in-úer-sae ma-jes-tá-tis, Ve-ne-rá-dum tu-um ve-rum & ú-ni-cum Fi-li-um,  
San-ctum quoque Pa-trí-chí-rum Spl-ri-tum. Tu Rex gló-ri-ae, Chris-te. Tu Pa-ter  
sem-pi-tér-nus es Fi-li-us. Tu ad lí-be-rán-dum sus-cep-tí-dus hó-mi-nem,  
non tar-ru-fa-ti Vír-gi-nis ú-ter-rum. Tu, de-ví-to moe-tis a-ctí-le-o,

Gedurende die E 6 is musiek noteer met kolle, strepe en kurwes.

2

om nra po pulu et lingua ser  
**P** oestafine et poestaf. gur

E 11 vind ons sommige Bisantynse notasie as kolle en horisontale lyne.

2

A diagram illustrating Byzantine notation. It consists of three horizontal lines. The top line has seven dots, each with a vertical stem extending downwards. The middle line has seven dots, each with a vertical stem extending downwards. The bottom line has three dots, each with a vertical stem extending downwards.

Gedurende E 12 het vierkantige note ontstaan, geskryf op 'n vierlynige balk.

2

bus macara coete descaiaz tome  
 er tele soulaane co chantuule alear  
 uia robms manne robms ma to  
 bus ma demandez si man  
 (trava  
 has

E 13 : Die notasiebalk brei uit na ses lyne terwyl die notasie nie veel verander nie.

3

Pmer is iumen in. Hude sing cucu. Sed and blonsep  
 Perspice xpicola. que dignacio. celicus agrico  
 med and springp pe vde nu. Sing cucu cose bletet after  
 la pro uiril vicio. filio. non partent expofu  
 lomb houp after calue cu. Bulluc stertep. bucke uertep  
 it moctio exicio. Qui captiuos semiuuos  
 curle sing cucu. Cucu cucu. Wel singel pu cucu ne syik  
 a supplicio. Vite donat ex secum coronat in ce  
 pu nauer nu. li so u o  
 Sing cucu nu. Sing cucu.

Hanc rotam cantare possunt quatuor socij. A paucio  
 ribus autem qui a tribus ut saltem duobus non debet  
 dici. pedes eos qui dicunt pedem. Cantor autem sic. Tacen  
 tibus oculis in nichoan cu his q tenent pedes. Et cu uenerit  
 ad primam notam post cruce. nichoan alius. Et sic de ceteris  
 Singli u repauserit ad paula donec septas. Et  
 si alibi spacio unius longe noce  
 hoc repetit un quociens op est  
 faciat pausacionem in fine.  
 hoc dicitur. paulant in medio. Et in  
 fine. Si immediate repetit principiu

E 15 - 17 : Notasie begin al meer ontwikkel na die tradisionele notasie geskryf op 'n 5-lynige notebalk, die toepassing van stele asook lang note wat gebruik word.



4

Lumen. Et sic de finibus. Josquin.

1

Tenor Altus Bassus

A musical score for three parts: Tenor, Alto, and Bass. The score is written on three staves. The notation is a complex rhythmic pattern, likely a canon or a fugue. The title is "Lumen. Et sic de finibus. Josquin." and the number "1" is written in the top right corner. The parts are labeled "Tenor", "Altus", and "Bassus" on the left side of the staves.





E 18 : Vanaf hierdie tydperk was dit slegs 'n klein treetjie na ons hedendaagse musieknotasie.

6

mf

1. Uit die blou van on - se he - mel, uit die diep - te - van ons see, oor ons  
 2. In die merg van ons ge - been - te, in ons hart en - siel en gees, in ons  
 3. In die son-gloed van ons so - mer, in ons win - ter - nag se kou, in die  
 4. Op u Al - mag vas - ver - trou - end het ons va - de - re ge - bou: Skenk ook

mf

E 19 : Komponiste begin wegbreek van die tradisionele notasie omdat dit ontoereikend was om hul idees mee te verklank.

6

### SCALE OF RULES.

Treble, Counter and Tenor. EIGHT NOTES. (Order of the Notes)

G fifth space	○	○	fol	○	
F fifth line	□	□	faw	□	
E fourth space	△	△	law	△	
D fourth line	◇	◇	fol	◇	
C third space	○	○	faw	○	
B third line	□	□	mi	□	mi
A second space	△	△	law	△	law
G second line	◇	◇	fol	◇	fol
F first space	○	○	faw	○	faw
E first line	□	□	law	□	law

Four kinds of characters, to wit, ◇ □ ○ △. The diamond is mi; the square is faw; the round is fol; and the quarter of a diamond is law.

B fifth space	◇	◇	mi	◇	mi
A fifth line	△	△	law	△	law
G fourth space	◇	◇	fol	◇	fol
F fourth line	○	○	faw	○	faw
E third space	□	□	law	□	law
D third line	△	△	fol	△	fol
C second space	◇	◇	faw	◇	faw
B second line	○	○	mi	○	mi
A first space	□	□	law	□	law
G first line	△	△	fol	△	fol

Ascending

Descending

E 20 : Moderne komponiste is nog steeds op soek na nuwe notasiesisteme om hul idees te noteer.


7

The diagram consists of a central horizontal staff with various musical symbols and lines. Above and below this staff are several rectangular boxes containing musical staves and symbols. A vertical staff is located on the left side. A double-headed vertical arrow connects two boxes at the top right. The notation is highly abstract and experimental, using a variety of symbols and line styles to represent musical ideas.


7

The notation includes a treble clef, a bass clef, and various rhythmic and melodic notations. It features a series of staves with notes, rests, and other musical symbols. The notation is highly abstract and experimental, using a variety of symbols and line styles to represent musical ideas.

AO




AQ



Sound Studie No. 1

George Burt

8



Kanon

George Burt

9

12 **ah**

11 **ah**

10 **duh**

9 **ah**

8 **ah**

7 **(evenly)**

6 **faleetto**

5 **ah**

4 **ah** **duh**

3 **ah**

2 **ee**

1 **ah**


The diagram consists of a large circle containing 12 numbered musical staves. Each staff is a five-line staff with various musical notations. Staff 12 is a solid black bar with the word 'ah' below it. Staff 11 has a series of eighth notes with 'ah' below. Staff 10 has a series of eighth notes with 'duh' below. Staff 9 has a series of eighth notes with 'ah' below. Staff 8 has a series of eighth notes with 'ah' below. Staff 7 has a series of eighth notes with 'ah' below and the word '(evenly)' above. Staff 6 has a series of eighth notes with 'faleetto' above. Staff 5 has a series of eighth notes with 'ah' below. Staff 4 has a series of eighth notes with 'ah' and 'duh' below. Staff 3 has a series of eighth notes with 'ah' below. Staff 2 has a series of eighth notes with 'ee' below. Staff 1 has a series of eighth notes with 'ah' below. At the bottom of the circle, there is a curved arrow pointing to the right.

Ook partiture vir kompermusiek.

10

3275	3751	3877	3962	2962	2438
2638	0343	0643	3988	2051	3051

Klankprente word ook as raamwerk vir komposisies gebruik.









## TOEPASSING IN DIE KLASMUSIEK

Soos reeds genoem, het die hedendaagse komposisietegniek verskuif na klankteksture en is die tradisionele notasiesisteen onvoldoende om hierdie klankkomposisies te noteer. Toonhoogte, toonduur, dinamiek, tekstuur en verskillende maniere waarop instrumente bespeel word, het alles bygedra tot die totstandkoming van 'n nuwe notasiesisteen wat spesiaal ontwerp is om betekenis te gee aan die prosedure waarvolgens die stuk gekonstrueer is.

George Self het veral baanbrekerswerk op die gebied gedoen en word sy notasiesisteen, hoofsaaklik die kol-lynsisteen, as standaardnotasie aanvaar.

### 2.1.1 Kol-lynsisteen :

Die volgende notasievoorbeelde vind ons veral in die komposisies van Brian Dennis, George Self en John Paynter.

-  - 'n kort klank sonder resonans (indien wel op 'n instrument gespeel wat resoneer, moet die klank dadelik gedemp word).
-  - 'n kort resonante klank wat wegsterf.
-  - interval van twee tone wat wegsterf
-  - kort resonante klank wat gedemp word nadat dit voortgebring is.
-  - ff
-  - mf



- mp



- pp




- tongklap



- handeklap



- slaner word teen die instrument vasgedruk na-  
dat dit geslaan is.



- geïmproviseerde groep note op 'n melodiese  
instrument hierdie teken kan ook gewysig word  
vir opgaande-, afgaande of gekombineerde  
passasies  
bv.



- enkeltone op 'n melodiese of nie-melodiese  
instrument met variasie in toonhoogte opgaande,  
afgaande of gekombineerde arpeggiofiguur  
bv.





- toon word aangehou en by x gedemp.



- 'n enkeltoon wat aanhou.



- 'n vinnige triller.




- 'n stadige triller.



- accelerando triller.



- ritardando triller.



- glissandi op- of afwaarts of gekombineerd.



- 'n yl, mistieke melodiese lyn wat wissel in toonhoogte.



- ritardando wat terselfdertyd 'n crescendo aandui.



- accelerando wat terselfdertyd 'n diminuendo aandui.





- accelerando wat terselfdertyd 'n crescendo aandui.



- ritardando wat terselfdertyd 'n diminuendo aandui.

2.1.2 Blok- en Wigsisteem :

Die kleur bepaal die dinamiese verskille  = sag  = hard.

11



- toontros.



- begin as een toon en groei tot 'n toontros.



- 'n toontros wat eindig in 'n enkeltoon.



- 'n enkele klank.



- 'n langer klank.



- 'n tweeklank.



- 'n tweeklank deur 'n groter interval geskei.



- 'n drieklank.



- 'n enkelklank met 'n voorslag.




- 'n stygende glissando.



- 'n dalende glissando.



- 'n stadige triller.





- 'n vinnige triller.




- 'n klank wat wegsterf.



- klank wat al harder word. 



- die kleur dui die dinamiek aan m.a.w. 



- kort klank (toontros) wat as enkeltoon aanhou.




- klank begin sag en eindig eksplosief.



- begin eksplosief (toontros), verval in 'n aangehoue toon wat skielik hard word en dan sagter.



- begin eksplosief; maak 'n crescendo en decrescendo.



- begin eksplosief; enkel aangehoue toon en eindig eksplosief.



- begin eksplosief: groei in toonintensiteit en val skielik terug na 'n enkeltoon.



- enkeltoon wat uitloop in 'n toontros.



- toontros wat eindig as 'n enkeltoon.




- toontros wat wissel in dinamiek.

Die Wigsisteem is by uitstek geskik vir vokale improvisasie veral in koorverband asook vir improvisasie op klawerbordinstrumente veral die orrel.

2.1.3 Simbole en teksture :



- tremolo-agtige beweging op 'n melodiese instrument.



- 'n klank wat geleidelik afneem of toeneem in dinamiek en toonhoogte afhangende van waar dit begin.




- 'n Toontros op 'n orrel waar die regterhand na die boonste manueel kan beweeg en weer terug of slegs na regs en weer terug terwyl die linkerhand dieselfde akkoord aanhou.




- Op enige melodiese instrument as stadig bewegende toontros.




- 'n tremolo-agtige figuur op 'n melodiese instrument.



- 'n aangehoue toon op 'n melodiese instrument terwyl een of meer ander melodiese instrumente kort glissandi hoër en laer as die aangehoue toon speel.




- dieselfde as die vorige simbool behalwe dat die glissandi deur enkeltone of toon-trosse vervang word.




- 'n aangehoue toon met 'n opgaande glissandø.




- 'n aangehoue toon met 'n afwaartse arpeggio-figuur.




- 'n eksplossiewe klank wat wegsterf.




- enkeltoon wat verder uitsprei in ander toonhoogtes.




- verskillende toonhoogtes wat mettertyd saamsmelt as enkeltoon.



- 'n warrellende klank.



- triller op 'n sekere toonhoogte met dalende en stygende lyne wat weer stagneer - deur melodiese instrumente of vokale klank.




- enkelklank wat onderbreek word deur drie tremolo - klanke.

Die Wigsisteem is by uitstek geskik vir vokale improvisasie veral in koorverband asook vir improvisasie op klawerbordinstrumente veral die orrel.

2.1.3 Simbole en teksture :



- tremolo-agtige beweging op 'n melodiese instrument.



- 'n klank wat geleidelik afneem of toeneem in dinamiek en toonhoogte afhangende van waar dit begin.




- 'n Toontros op 'n orrel waar die regterhand na die boonste manuaal kan beweeg en weer terug of slegs na regs en weer terug terwyl die linkerhand dieselfde akkoörd aanhou.



- Op enige melodiese instrument as stadig bewegende toontros.




- 'n tremolo-agtige figuur op 'n melodiese instrument.



- 'n aangehoue toon op 'n melodiese instrument terwyl een of meer ander melodiese instrumente kort glissandi hoër en laer as die aangehoue toon speel.




- dieselfde as die vorige simbool behalwe dat die glissandi deur enkeltone of toontrosse vervang word.




- 'n aangehoue toon met 'n opgaande glissandø.




- 'n aangehoue toon met 'n afwaartse arpeggio-figuur.




- 'n eksplossiewe klank wat wegsterf.




- enkeltoon wat verder uitsprei in ander toonhoogtes.



- verskillende toonhoogtes wat mettertyd saamsmelt as enkeltoon.




- 'n warrellende klank.



- triller op 'n sekere toonhoogte met dalende en stygende lyne wat weer stagneer - deur melodiese instrumente of vokale klank.




- enkelklank wat onderbreek word deur drie tremolo - klanke.




- tremolo - klank onderbreek deur 'n statiese klank, kan ook deur verskillende instrumente uitgevoer word.




- kort klank waaruit 'n stygende en dalende melodiese lyn voorkom - ook deur verskillende instrumente.



- 'n enkeltoon omring deur kort, skerp, sagte klanke wat toeneem in dinamik.



- crescendo onderbreek deur 'n tremolo, voortgaan in 'n decrescendo en eindig in 'n enkel dalende melodiese klank.




- 'n dalende en stygende tremolo-agtige melodiese klank wat saamsmelt in 'n massaklank en weer voortgaan in 'n stygende en dalende melodiese tremolo.

### 2.1.3 Teksture :


"A texture may be said to consist of countless inscrutable gestures." (1)

Die klankmoontlikhede in 'n tekstuur word as staties beskou, daarom is presiese notasie van detail van minder belang, slegs die nodige notasie word gegee en die dinamik, tydsduur, balans, tempo, ens. hang van die dirigent af.



Verwarring :

'n beplande beheerde chaos.




'n Sterrebeeld :

suggereer kort, skerp, eksplossiewe klanke soos iets wat glinster.




'n Wasige, vliesagtige wolkebeeld:

klanke moet intoneer, oorvleuel en in die lug bly hang.




Chaos :

grenslose weersprekende klanke wat gevoelvol kan wees maar ook mekaar kan uitkanselleer sodat die algehele effek neutraal is en 'n statiese gevoel daarstel.



Golwende tekstuur :

idee van die klanke van die see, dit kom en gaan.



Ontploffing :

'n skielike, kragtige ontploffing  
waarvan die klank geleidelik verdwyn.

2.1.4 Prentesistiem :

Hier word voorstellings gemaak van die realiteit waaroor die komposisie gaan.


12.



- Wolke.



- Reën



- Son



- Leeu



- Padda



- Voetstappe



- Motor



- Boot




- Boek wat geblaai word

2.2 Die opstelling van partiture :

2.2.1 Grafieke :

2.2.1.1 Die eenvoudigste vorm in hierdie reeks, is die tipiese wiskundige grafiekpapier van blokkies waar aanvanklik veral kol-lynsistees-notasie vir klankvoorstelling geskik is.

13



2.2.1.2 'n Variasie op bogenoemde is dat die aantal instrumente vertikaal aangedui word en die tydsduur horisontaal. Aanvanklik word daar vertikaal slegs onderskei tussen hoog- middel- en lae tone. Wanneer kinders meer gevorderd is kan instrumente gespesifiseer word en vokale of tekste word ook bygevoeg.

Hoog		Stilte			Stilte	
Middel	Stilte		Stilte			Stilte
Laag			Stilte		Stilte	

Gedurende die "stilte" periodes kry die uitvoerders die geleentheid om te dink wat hul gaan improviseer.

2.2.1.3. Vervolgens kan die tydsduur spesifiek aangedui word -  
reëlmatig of onreëlmatig, in polse, sekondes of 'n kombinasie  
van die twee. bv. Reëlmatige polse.

	2	(1)	(2)	(3)	(4)	(5)	(6)	(7)	(8)	(9)	(10)	(11)	(12)	(13)
	4													
Baie hoog														
Hoog														
Middel														
Laag														

2.2.1.4 Reëlmatige sekondes

	(1)	(2)	(3)	(4)	(5)	(6)	(7)	(8)	(9)	(10)	(11)	(12)
Hoog	5"	5"	5"	5"	5"	5"	5"	5"	5"	5"	5"	5"
Laag												
Baie laag												

2.2.1.5 Kombinasie van polse en sekondes (reëlmatig en onreëlmatig)

	(1)	(2)	(3)	(4)	(5)	(6)	(7)	(8)	(9)	(10)
				4"					7"	
										In speler se eie tyd

2.2.1.6 Die tydsduur van die komposisie kan ook geheel en al afhang van die dirigent. Die afstand tussen die vertikale lyne kan 'n relatiewe aanduiding wees van die tydsduur.

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
Glockenspiel											
Xилоfoon											
Houtblok											
Tamboeryn											

2.2.2 Getalle opstelling :

2.2.2.1 Hierdie tipe opstelling is by uitstek geskik vir improvisasie waar daar nie 'n dirigent teenwoordig hoef te wees nie.

Aan elke speler word 'n getal toegeken, bv. tussen 1 - 12. Die getal wat aan elke speler toegeken is, kan

afhangende van wat die klas besluit het, die volgende bepaal,

2.1 die aantal sekondes van stilte voordat hy begin improviseer,

2.2 die aantal kere wat hy 'n klank produseer,

2.3 die aantal sekondes wat hy kan gebruik om te improviseer,










2.4 'n dubbele betekenis, nl:

2.4.1 die aantal kere wat hy moet improviseer of

2.4.2 die tydsduur, sekondes of tellings, tussen eersgenoemde.


bv.	1	6	11	4	9
	2	7	12	5	10
	3	8	1	6	11
	4	9	2	7	12
	5	10	3	8	1

Die volgorde waarin die partituur gespeel kan word, word vooraf bepaal. bv.



By meer gevorderde improvisasie kan daar ook gelyktydig by verskillende punte begin word.

2.2.2.2 Leerlinge kan ook in groepe verdeel word, die getalle dui die sekondes (wissel tussen 15 - 30) aan waarin elke speler kan improviseer. Die duur van hierdie tipe improvisasie kan wissel van 3 - 5 minute.



Groepe kan gelyk begin speel of een na die ander begin, bv. 10 sekondes- dit hang van die leier van die groep af. Hulle kan ook van links na regs of van regs na links speel.

2.2.2.3 Leerlinge kan ook op 'n klavier begin improviseer m.b.v. getalle waar die getalle dan die vingers voorstel.




bv. Hansie Slim : 5 3 3 4 2 2 1 2 3 4 5 5 5  
5 3 3 4 2 2 1 3 5 5 1  
2 2 2 2 2 3 4 3 3 3 3 3 4 5  
5 3 3 4 2 2 1 3 5 5 1

2.2.3 Sketse :

Hier word gebruik gemaak van 'n realistiese voorstelling van waaroor die improvisasie handel. bv. die see, 'n storm, 'n reis, die ruimte, 'n droom, 'n spel, ens.


2.2.3.1 Wanneer 'n sekere situasie voorgestel word, kan ook gebruik gemaak word van 'n soort van grafiese metode nl. om die skets in verskillende vertikale lyne op te deel om die tydskuur aan te dui.



Elke detail in die voorstelling word instrumentaal/vokaal voorgestel deur klanke wat min of meer ooreenkom met die werklike klank.


- 2.2.3.2 'n Reis per boot, motor, vliegtuig, trein, ruimteskip ens. kan voorgestel word deur die pad, rivier, spoor ens. te teken waarop die reis plaasvind en alles wat langs die weg teëgekrom word, word d.m.v. simbole of 'n realistiese voorstelling daarop aangebring en instrumentaal of vokaal verklank. Die tydsduur word dan ook op die pad aangedui of ingedeel, of die stuk word verklank namate die reis vorder.
- bv; 1) 'n Ruimtereis : Simbole word in die ingekleurde gedeelte ingevoeg.

15.




2) 'n Reis deur die stad :

'n Skets word geteken van hoe die pad deur die stad kronkel en wat alles teëgekomp word, bv.




2.2.3.3 'n Speletjie waar die klankbeeld volgens die nommers op die band bepaal word.



2.2.3.4 Vormvoorstelling : 4.1 Spesifieke vorme word voorgestel

bv. Rondovorm (ABACA)

4.2 Verskillende los vorms, bv.




2.2.3.5 Die sketsvoorstelling word deur 'n leerling gemaak n.a.v.  
klanke wat deur die groep geïmproviseer word. bv :




Lyne

Klank voorstelling



- Vokale klank wat van hoog na laag  
beweeg (2x)



- Stygende en dalende passasies deur 'n  
melodiese instrument - kan ook vokaal  
wees.



- Tongklap hoog en laag.



en




- Verskillende toonhoogtes volgens die  
lyne, afhangende waar die tekenaar  
begin.

☺ ☺ - twee \*\* en drie \*\*\* klanke onderskeidelik ook dalende en/of stygende.




- hande word teen mekaar gevryf terwyl die tekenaar inkleur.

2.2.3.6 Enkel lyne word getrek en simbole/woorde word bygevoeg.  
Daar is 'n dirigent vir elke lyn wat sy groep dan dirigeer, bv.



2.2.3.7 Horlosie voorstelling :

Klanksimbole word rondom ingevul en word vertolk volgens die wyser.



2.2.3.8 Almanak - voorstelling :

Klanksimbole word in blokkies ingevul.

Son	Maan	Dins	Woens	Don	Vry	Sat
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21

2.3 Dirigeermetodes :

Die dirigent is baie belangrik in eksperimentele uitvoerings, omdat hy nie net daar is om die polsslag, aantal sekondes of duur van 'n komposisie aan te wys nie, maar soms ook met gebare en gesigsuitdrukkings die uitvoering moet lei.

Soms wys hy slegs die verloop van 'n uitvoering volgens die partituur aan, maar daar is ook tekens wat hy met sy hande kan wys. In hierdie soort werk is die dirigent die belangrikste aangesien hy die uitvoering moet dirigeer en met handtekens moet lei.


'n Sagte klank : 'n Horisontale beweging met die vinger.




'n Harde klank : 'n Horisontale beweging met die vuus.



Decrescendo : 'n Horisontale beweging met die arms, beginnende in vuiste en eindig met vingerpunte teen mekaar.



Crescendo : 'n Horisontale beweging met die arms, beginnende by die vingerpunte en dit eindig in vuiste.



Geaksentueerde note : Kort rukbewegings met die vuis.




Staccato note : Sagte tikbewegings met die vinger.




Triller : Die vingerpunt dui die tempo van die triller aan.



Tutti : Almal speel so hard en vinnig as hul kan. Albei hande maak deurmekaar bewegings.



(L.H.)



(R. H.)

'n Flitslig kan ook gebruik word om die verloop van 'n komposisie te bepaal.

H O O F S T U K 6IMPROVISASIEVOKALE IMPROVISASIE

Aanvanklik leen die stem hom by uitstek vir improvisasie aangesien die tegniese kontrole oor die stem normaalweg vroeër ontwikkel as dié van instrumente. Wanneer die kind oor die nodige stemkontrolle beskik om wel die klank voort te bring wat hy verlang, al is die omvang hoe klein, is vokale improvisasie moontlik. Daar is weinig tegniese probleme by vokale improvisasie daarom is die kind in staat om onmiddellik spontane uitdrukking te gee aan sy musikale idees. Selfs al is die kind se gehoor hoe goed kan hy op geen ander instrument, behalwe sy stem, 'n melodie improviseer nie. Die rede hiervoor is dat hy nie hoof te soek na note nie, daar is geen huiwering a.g.v. intonasie nie en ook geen probleme met vingersetting nie. Leerlinge behoort meer gemaklik en vloeiend aan vokale improvisasie deel te neem as aan instrumentale improvisasie. Die leerkrag moet daarna streef om selfvertroue en spontaniteit by kinders te kweek want dan is hul instaat tot alle soorte opwindende moontlikhede.

6.1 Ontwikkeling van konsepte :6.1.1 Toonhoogte (Die Orff - metode)

1.1 Aanvanklik word die soh-me interval vasgelê d.m.v. die gesprekmetode waar die leerkrag 'n vraag sing en die kind spontaan daarop antwoord deur die antwoord terug te sing. Kinders kan ook in gesprek tree met mekaar op hierdie interval. Later word lah bygevoeg en so word die toonhoogte uitgebrei deur byvoeging van doh ray fah totdat die kind

in staat is om in 'n oktaaf te improviseer.


Bv. Onderwyser : Goeie-môre Linda



Leerling : Goeie-môre Juffrou



- 1.2 Die leerkrag het 'n sak vol verskillende voorwerpe (potlood, naelknipper, wasgoedpennetjies, haarknippe, rekkie, knope, ens.) by haar, sy haal hul een vir een uit en die kinders moet terugsing wat dit is.
- 1.3 Wys prente van bv. diere, blomme, berge, motors, ens. Sy hou die prent op en die leerlinge kan individueel, of as klas, die antwoord terugsing.
- 1.4 Melodiekaarte waarop melodieë ikonies volgens die toonhoogtes wat die kind reeds ken, voorgestel word, word gewys en hulle moet dit terugsing, bv.



Sommige kaarte kan ook omgekeer word.


- 1.5 Melodiekaarte word op die bord gesit, individuele leerlinge word gevra om enigeen te verklank en die res van die klas moet raai watter dit is.
- 1.6 Leerlinge word aangemoedig om hul eie liedjie te maak en ikonies voor te stel.

### 6.1.2 Ritme

Voordat enige sinvolle improvisasie gedoen kan word, is die ontwikkeling van die kind se ritmesin baie belangrik. Aangesien kinders aanvanklik nog nie bekend is met notasiesisteme nie, is die gebruik van woorde, onsinrympies of sinsnedes die beste manier om hul ritme te ontwikkel. Vokale ritmes naas die genot wat dit aan die kind verskaf, het die groot voordeel bo perkussiewe ritmes dat dit 'n groot verskeidenheid van klankkleur besit asook die moontlikheid om klanke lank aan te hou.

Die stem is die mees ekspressiewe medium vir ritmiese werk as dit met die geskikte verbuiging gebruik word. Die skakering, toonkleur en aksentuering in die vokale klank bepaal die duidelikheid en vitaliteit van die ritme soos deur die kind weergegee.

- 2.1 Aanvanklik kan begin word met kort woord-patrone wat die kind moet herhaal, en dan opvolg met klapwerk.

bv. Pieterjan - 

- 2.2 Die gespreksmetode - die onderwyser vra 'n vraag deur saam met die woorde te klap waarop die kind 'n antwoord moet gee terwyl hy die woordritme saamklap.

bv.



Onderwyser : Wat is ons skool se naam?



Leerling : Jan van Riebeeck Laerskool.

Kinders gesels op bogenoemde metode met mekaar.

- 2.3 Onderwyser gee 'n basiese pols en die leerling moet 'n rympie, raaisels, woorde van 'n lied, ens. daarvolgens opsê.



Byvoorbeeld :

- a) A Wat kry ons by die blommemark? (Natuurlike spreekstem)  
 B Dahlias - Rose (Twee groepe wat die woorde anti-fonaal sê, herhaal dit tweekeer en eindig deur die woorde gelyktydig te sê).  
 A Herhaal  
 C Proteas, Kappertjies, Jasmyn, Afri-(accelerando)-  
 (lank) (kort) (lank)  
 kaners (Rit)  
 A Herhaal.

b) Dorpname in Suid Afrika

A  $\frac{2}{4}$  : Afrika Suid | Afrika 7 :||

B  $\frac{3}{4}$  : Stellenbosch | Wellington :||

A Voetestamp

C : Pietermaritzburg | Bloemfontein :||

A Handeklap

Dierename, verskillende stamme, motors, bome, advertensies, ens. bied interessante moontlikhede.

2.7 Die gebruik van die kanon bied ook vele moontlikhede.

bv.

Him - pel ke - dim - pel ke - dok.

2.8 Spreekwoorde kan ook op verskillende ritmes gesê word.

bv. "a stitch in time saves nine."

6/8 4/4

3/4 4/4

2.9 Early to bed, Early to Rise

Makes A Man Healthy, Wealthy and Wise

Begeleiding

17.

Groep I	
Groep II	
Groep III	
Almal ( Klap (Knieslag)	

Spreekwoord

Groep IV	
Almal ( Klap (Knieslag)	

6.1.3 Skep van melodieë.

6.1.3.1 Op ritmiese stimuli.

Alhoewel kinders en volwassenes spontaan in die bad kan sing en improviseer, is hul skaam om voor 'n klas 'n wysie te improviseer want hulle weet nie waar om te begin nie. Die maklikste manier om wel resultate te


behaal, is om te spesifiseer waaroor die kind 'n melodie moet improviseer, bv.


- 3.1.1 'n Mars, slaapdeuntjie, huppel, ens.
- 3.1.2 'n Spesifieke ritme word gegee aanvanklik baie kort.
- 3.1.3 Die onderwyser sing die eerste frase en die individu moet 'n antwoord sing op dieselfde ritme.
- 3.1.4 Die klas sing die eerste frase waarop 'n individu moet antwoord. Dieselfde ritme kan gebruik word - of 'n geïmproviseerde ritme.
- 3.1.5 Improviseer 'n melodie in 'n sekere metrum, bv.  $\frac{3}{4}$  ;  $\frac{6}{8}$  ;  $\frac{2}{4}$  ens.
- 3.1.6 Slegs 'n tempo aanduiding kan gegee word, bv. vinnig, stadig, largo, accelerando, ens.
- 3.1.7 Spesifieke metrum en frasing kan gegee word, bv. improviseer 'n twee-maat-frase in  $\frac{4}{4}$  tyd en begin op die anacrusis.
- 3.1.8 'n Spesifieke dansritme, bv. wals, polka, tango, gavotte, ens.
- 3.1.9 'n Melodie in 'n spesifieke vorm bv. ABA, AABA, ABACA, Kanon, ens. of volgens frases, bv. twee kort frases gevolg deur twee lang frases.
- 3.1.10 Om melodieë te improviseer wat gesinkopeerde ritmes, rustekens en oorgebinde note bevat.
- 3.1.11 Om melodieë in ongewone maatslae, bv.  $\frac{5}{4}$  of  $\frac{7}{8}$  tyd of die verandering in metrum in 2 maat frases bv. 2 mate in  $\frac{3}{4}$  tyd gevolg deur 2 mate in  $\frac{4}{4}$  tyd ens. te skep.
- 3.1.12 Om melodieë in kruisritmes soos dit voorkom in kontemporêre werk bv. 3+3+2; 2+2+3; 3+2+3 ens. te skep.


6.1.3.2 Volgens simbole. (Sien notasiesisteme)


Leerlinge geniet dit nie slegs om melodieë te improviseer volgens die lyne van simbole nie, maar dit dien ook as stimuli vir meer gevorderde werk, bv. Improviseer 'n melodie wat min of meer die volgende lyne bevat.


18


3.2.1 


3.2.2 


3.2.3 


3.2.4 


3.2.5 

3.2.6 







3.2.7 

3.2.8 

3.2.9 

3.2.10  ens.

Verskillende komposisietegnieke kan effektief deur hierdie metode aangeleer word, bv.

1. Sekwense 
2. Kreeftegang  word 
3. Omkering  word 
4. Dinamiese verandering 

6.1.3.3 Volgens 'n harmoniese progressie.

Die onderwyser kan 'n spesifieke harmoniese progressie op die klavier/kitaar speel, bv. I - IV - V - I ens. terwyl die leerlinge die geleentheid kry om hul geïmproviseerde melodie daarby aan te pas.

6.1.3.4 Volgens Woorde.

4.1 Woorde vir 'n bekende melodie.

Nuwe woorde vir 'n bekende melodie is altyd 'n uitdaging en kan geïnspireer word deur die seisoensverandering, weer, vakansie, uitstappies, verjaarsdae, gesondheidsgewoontes, liggaamsdele, ens. b

4.1.1 Op die wysie van Vader Jacob.

1.1 Eet net bruinbrood 2x (vrugte, groente)

Elke dag 2x

Vir gesonde kinders 2x

Volgraanbrood. 2x

1.2 Dit is lente 2x

Voëltjies sing en ons is bly

Ons speel graag nou buite 2x

Wegkruipertjie. 2x

1.3 Help vir mamma 2x

Elke dag 2x

Borsel ook ons tande 2x

Elke dag. 2x

4.1.2 Wysie van "Skip to My Lou!"

2.1 Wat kry ons by die groentemark? 3x

Aartappels, beet en blomkool.

2.2 Wat kry ons op 'n boereplaas? 3x

Hoenders, eende, varke en perde.

Variasie : Die klas sing die eerste reël terwyl

individuele kinders die geleentheid kry om die volgende reël se woorde te improviseer.

Woorde kan ook vir temas van bekende werke geskep word, bv. Kyk tog hoe mooi is die dagbreek.

(Oggendstemming - Peer Gynt Suite)

Spreekwoorde is ook interessante stof om te toonset.

#### 4.2 'n Melodie vir 'n bekende gedig.

Aanvanklik is dit moeiliker as om woorde by 'n bekende melodie te voeg maar hoe meer ondervinding die klas opdoen in hierdie verband, hoe meer diskriminerend sal hul word ten opsigte van die melodie. Die klas moet ook gelei word om die pols van 'n onbekende gedig aan te voel, dit in mate te verdeel en 'n melodie te skep. Indien hul notasiekennis beperk is, kan ikoniese voorstellings gebruik word.

#### 4.3 Woorde en melodie.

Die ideaal waarna ons moet streef is dat elke kind in staat sal wees om 'n lied te komponeer wat uniek is. Kinders is in staat om 'n nuwe lied met woorde en melodie te skep. Die notasie kan wissel van lyne vir die voorstelling van die melodie en strepe — — — — — vir die ritmiese aspek. Sommige is in staat om die melodie en woorde gelyk te skep, die ander sal slegs die woorde skep en die melodie aan die ander oorlaat. Alle pogings moet entoesiasties aanvaar word en op die bord geskryf word sodat die klas dit selekteer en evalueer. Wanneer kinders voldoende agtergrond het, kan hul aangemoedig word om

hul eie opera/operette te skryf met hul eie libretto en musiek.

## 6.2 Klank- en Woord Improvisasies :

Buitestaanders staan veral krities t.o.v. die volgende werk, maar wat ook al die resultaat, bied hierdie tipe oefening 'n wye veld van praktiese musiekopvoeding.

Klank- en woordimprovisasies sal die kind selde in 'n meer konvensionele benadering ervaar. . Die poging om die geluid van 'n voël of ander diersoorte vokaal te produseer ontwikkel 'n fyn waarneming van toonhoogte en toonkwaliteit, so ook die nabootsing van alledaagse geluide bv. treine, motors, wind, ens. Nie slegs vokale improvisasie maar ook die improvisasie van ritmes gebaseer op die beweging van mense, diere, natuurverskynsels en andere, verg 'n baie fyn waarneming wat 'n groot rol speel in die opvoedingsproses. By al bogenoemde aktiwiteite word die belangrikheid van musikale uitdrukking en uitvoering wat so belangrik is vir die kind se musikale ontwikkeling, tuisgebring. Om hierdie rede is die invoeging van hierdie werk geregverdig en bevorderlik vir die musiekopvoeding.

### 6.2.1 Klankimprovisasies

Om klankimprovisasies tot sy reg te laat kom, moet die kind toegerus word met 'n groot verskeidenheid moontlikhede van vokale klank op alle terreine.

Oefeninge kan gedoen word om die volgende klanke te ontdek.

1.1 Klanke in die natuur.

A Klank van water :

Reën	Waterval
Fontein	Rivier
See	Branders

B Onderaardse klanke :

Grotte en tunnels	Aardbewing en Sneeustorting
Klippe en Rotse	Myne

C Klank van vuur :

Groot verwoestende brand	Vuurhoutjies en Sigaret- aansteker
Vulkaan	
Kampvuur	Kerse
Feesvure	Gaslampe en Olielampe
Rituelevure	

D Klank van voëls :

Swaeltjies	Hen
Mossie	Haan
Duif	Eend
Aasvoël	Makou, ens.

E Klank van diere :

Perde	Kat
Koei	Wolf
Skaap	Leeu
Hond	Renoster, ens.

F Klank van insekte :

Vlieg	Muskiet
Bye	Kriek, ens.

G Klank van seediere en visse :

Walvisse  
Seeskilpad  
Dolfyn, ens.

H Klanke in seisoene :

Lente	Herfs
Somer	Winter

1.2 Menslike klanke.

A Klanke van die stem :

Praat	Roep
Fluister	Huil
Skreeu	Sing
Neurie	Lag
Hoes	Snork
Hik	Kreun, ens.

B Klanke van ander liggaamsdele :

Hartklop	Hande (klap, krap, vingerklap, ens.)
Asemhaal	Eet
Voetstappe	Drink

C Klanke van materiaal aan die liggaam :

Klere	Skoene	Juweliersware
-------	--------	---------------

1.3 Klanke in die samelewing:

A Klanke van voorwerpe op water :

Stoomboot

Bote

Seilskepe

Bakkies, ens.

B Klanke van voorwerpe op land :

Motor                      Vliegtuig

Bus                         Fiets

Trein                        Donkiekar, ens.

C Vermaaklikheidsklanke :

Sportbyeenkomsde                      Teater

Radio en Televisie                      Opera, ens.

D Godsdienstige feeste :

Kersfees

Paasfees

1.4 Meganiese klanke:

A Masjinerie - Algemeen

B Industrieël en Fabriekstoerusting

C Oorlogsmasjinerie

D Treine :

Stoomlokomotief                      Elektriese lokomotief

Diesellokomotief                      Rangeerwerkklanke, ens.

E Lugvaarttuie :

Helikopter                      Skroefaangedrewe vliegtuig

Stralers                      Vuurpyle, ens.

F Konstruksie en Slopingstoerusting :

Lugdrukboor                      Stootskraper

Dinamiet, ens.

G Ventileerders en Lugverkoelers.

H Plaasimplimente.

1.5 Stilte:

1.6 Klankindikators:

A Horings en fluite :

Verkeer                              Treine

Bote                                      Fabrieke

Ambulans

B Klank wat tyd aandui :

Staanhorlosie

Polshorlosie

Wekker, ens.

C Telefone.

D Waarskuwings-sisteme.

E Radio en Televisie.

1.7 Interessante metodes om hierdie klankontdekkingsprojekte te lei  
is bv.

1. Maak flitskaarte daarvan, bv.

FLUIT

LAG

HIK

HOES


, ens.

toon dit aan die klas en hulle moet dit uitvoer.

2. Flitskaarte oor enige onderwerp kan aan groepe of individue gegee word. Hulle moet die klank improviseer en dit voor die klas kom uitvoer. Die klas moet dan raai wat dit is.
3. 'n Dirigent kan die klas kom dirigeer, almal kan slegs een klank voortbring t.o.v. dinamiek, tempo, toonhoogte, metrum, toonduur, ens.
4. 'n Klas kan ook as 'n koor ingedeel word nl. sopraan, alt, tenoor, bas en so met klanke improviseer met bv. "Watergeluide" as tema. 'n Dirigent neem ook hier die leiding.
5. Laat die leerlinge ook die omvang van hul stemme bepaal. Begin op 'n toonhoogte in die middelste register en beweeg van daar na die hoogste en laagste toon in hul omvang. Hierdie oefening moet egter geskied sonder om die stem te forseer. Herhaal die oefening op aa, oo en oe en laat die leerlinge ontdek of die kwaliteit van die klank verander as die toonhoogte wissel, en of die kwaliteit van die klank verander as verskillende vokale gebruik word, ens.
6. Laat die kind die ekspressiewe moontlikhede van sy stem ontdek in die sagste, hardste, gladste, grofste, snaaksste, treurigste, ernstigste, ens. klanke wat hy kan maak. Neem dit op band en luister daarna.


7. Eksperimenteer met klanke volgens simbole, bv.

19.




Laat elke kind sy eie komposisie vir 'n solo-stem improviseer en dit dan volgens simbole uitvoer.

Bv.



8. Gee 'n opdrag aan die klas (verdeel in groepe van 6 - 8) hulle moet 'n komposisie maak van natuurklanke. Hulle mag slegs hul stemme gebruik. Die voorstelling moet so oortuigend as moontlik wees, aangesien die res van die klas moet raai wat hul voorstel. Almal moet deelneem, hulle moet die komposisie noteer, bv.

Dagbreek:



- Aangehoue toon - (hoë toonhoogte) wat al harder word - die lig oor die horison.



- Sch sch - klank wat die geklap van voël-vlerke voorstel.



- Voëlgeluide wat al harder word.




- Wind.



- Kriekgeluide.

Die komposisie begin in stilte, die lig begin (baie sag) en daarna val die ander deelnemers een vir een in - die komposisie werk op na 'n klimaks wanneer die son uitkom, ('n ontploffing van Sch.-klank) en eindig met die trrr-klank van 'n wekker.


'n Storm:




9. Kontouerlyne deur solo-stemme staan in kontras met alle tekstuur-effekte. Die kontoerlyn van 'n komposisie het sy in solo, kanon, kontrapunt of watter vorm ookal, moet altyd oorheersend wees om vorm aan die komposisie te gee terwyl die koortekstuur die basiese agtergrondklank verskaf.

Skep byvoorbeeld 'n koortekstuur om die volgende te suggereer : mis, reën, waterstroom, oseaan, sterrehemel, middag in die Karoo, aandskemering, ens.

Bv. Sterrehemel: (In kanon: die tweede stemintrede by 11.)




Mis: ('n Solostem suggereer die mis wat neerdaal en weer styg)



10. Klankgedig:

Klanke deur die menslike stem kan soms so 'n komplekse vokale klank bied dat .. die resultaat ongelooflik is, bv.



Twee kinders in die klas lei twee afsonderlike groepe in die gedig. Die intensiteit van die klank hang af van die tipe geluid. Waak daarteen dat die dirigente te vinnig dirigeer, hulle kan ook dinamiese- en tempokontraste met handtekens aandui.

6.2.2 Woordimprovisasie:

Uit die voorafgaande werk blyk dit dat woorde en musiek gemeenskaplike eienskappe besit, maar is hul dieselfde?

Taal is kommunikasie deur woorde maar musiek is kommunikasie deur klank. Ergo stel dit as volg : "Language is sound as sense. Music is sound as sound." (6)

Vir 'n taal om as musiek te funksioneer, moet dit eerstens

klink en dan kan die klank gebruik en verder mee geëksperimenteer word.

2.1 Woordspeling:

Die kinders moet aan woorde dink wat die volgende uitbeeld :

'n Waterrige effek - sproei, kabbel, drup, borrel, ens.

'n Metaal effek - simbaal, blik, yster, sinkplaat, ens.

Stroperige woorde - Taai, toffie, heuning, ens.


Wollerige woorde - Wolke, truie, skaap, donsies, ens.

Vonkelende woorde - Sterre, glinster, skitter, ens.


Ontploffende woorde - Bom, boem, bars, blits, ens.

Dra hierdie lys van woorde oor en oor voor op verskillende maniere hard, sag, vinnig, stadig, donker, lig, lank, kort, ens. en soek na die beste manier om dit uit te spreek. Musikaliseer die woorde en noteer dit.

Bv. Glinster.




Heuning.




Bom.



Kabbel.



Donsie.



.2.2 Improvisasies met woorde:


2.1 Die volgende kan as riglyne dien by hierdie improvisasies.

2.1.1 Die grootte van die letters in die woord of


die woord self dui die dinamiek aan, bv.

**MAANDAG** - hard uitgespreek

*DINSDAG* - sag uitgespreek

**WOENSDAG** -  uitgespreek

2.1.2 Die posisie van die woord op die partituur dui die algemene toonhoogte aan, bv.



2.1.3 'n Woord in lopende skrif - praatsang.

2.1.4 Woord in onderbroke skrif bv.



*alleen verlate* - fluister dit.

2.1.5 As die woord onderbreek word en gevolg word deur 'n geboë lyn moet dit verder gesing word.

2.1.6 Wanneer die woord onderbreek word - voeg klanke by wat dit laat klink soos die woord wat breek.

2.1.7 Voeg ander simbole by.

24



2.2 Die Blok-wignotasiesteeem leen hom by uitstek vir vokale improvisasie. Hierdie blokke stel 'n aangehoue akkoord of toontros voor. Klankvolheid kan opgebou word deur stemme (groepe of individueel) by te voeg of weg te neem. Die versigtige gebruik van dinamiese verandering gee lewe aan 'n aangehoue toontros. Hierdie verandering word d.m.v. kleurskakering in die sisteme gevoeg.

Bv.

SKA - - - - -

DU - - - - -


Langgg

DON . . . . . KER - - - - -

WEES - - - - -

Die Wignotasie wat baie ooreenstem met die  
Babiloniese spykerskrif.

Bv.



2.3 Kennis van verskillende tale bied interessante woorde om mee te eksperimenteer.

Voorbeelde van verskillende geluide in :

E - Engels; A - Amerikaans; F - Frans;

Ar - Arabies; V - Vietnamees; J - Japanees;

D - Duits; Gr - Grieks; M - Maleisië;

U - Urdu; L - Lokele stam van die Kongo.

Hond : bow-wow (E); arf-arf (A); gnaf-gnaf (F);  
bow-how (Ar); gaû-gaû (V); won-won (J);  
kwee-kwee (L).

Kat : purr-purr (E); ron-ron (F); schnurr-  
schnurr (D).

Skaap : baa-baa (E); mée-mée (Gr, J, M);  
maa'-maa' (Ar).

By : buzz (E); züz-züz (Ar); bun-bun (J);  
vū-vū (V).

Haan : cock-a-doodle-doo (E); cock-a-diddle-  
dow (Shakespeare); kikeriki (D);  
kokke-kokkō (J); kio-kio (L).

Nies : kerchoo (A); atishoo (E); achum (Ar);  
cheenk (U); kakchun (J); ach-shi (V).

## INSTRUMENTALE IMPROVISASIE

Projekte t.o.v. klankeksperimentering vorm 'n belangrike deel van musikale opvoeding omdat dit nie gebaseer word op voorgeskrewe inligting nie, maar op die oorspronklikheid en verbeelding van elke individu in die klas. Musikale begrippe word nog oorgedra maar net as stimuli vir 'n spesifieke eksperiment of as 'n resultaat van 'n sekere eksperiment.

Musiek is wesenlik 'n klankbelewenis met baie fasette waarvan mens bewus moet wees voordat jy jou idees sinvol kan uiteensit en vaslê. Aanvanklik moet begin word met die eksperimentering van klankmoontlikhede. Die resonansievermoë van enige moontlike materiaal bv. hout, metaal, glas, klip, water, ens. asook die klank van verskillende speeltegnieke moet ontgin word. Wanneer die kind toegerus is met 'n mate van tegniese vaardighede, en bekwaamhede t.o.v. 'n verskeidenheid van klankmoontlikhede, kan begin word met improvisasies.

### 6.3.1 Tegniese vaardighede en bekwaamhede:

In enige vorm van instrumentale improvisasie is daar twee belangrike voorwaardes om die poging te laat slaag, nl. 'n goeie gehoor wat die speler in staat stel om te speel wat van hom verwag word en 'n tegniese vaardigheid wat hom in staat stel om die korrekte tone in die korrekte volgorde voort te bring. Hoe vaardiger 'n kind 'n instrument bespeel, hoe interessanter sal sy improvisasie wees.

Geen noemenswaardige vooruitgang en resultate kan in improvisasiewerk verwag word voordat 'n sekere gehoorvermoë nie ontwikkel is nie. Aanvanklik moet daaraan gewerk word om leerlinge eenvoudige melodieë van gehoor te laat speel. In hierdie ontwikkelingsproses

word daar 'n gevoel van ritme, frasering en vorm by die kind ontwikkel.

Kontinuiteit van styl is belangrik. Waar die begin van 'n frase gegee word en die leerlinge dit moet voltooi, is dit belangrik dat daar op dieselfde instrument voortgegaan word, anders kan die styl verlore gaan.

Die toonaard van die improvisasie hang af van die kennis en agtergrond van die leerlinge.

Die keuse van instrumente is baie belangrik. Orff-instrumente leen hul by uitstek tot improvisasie - nie alleen omdat hul maklik bespeel kan word en hanteerbaar is nie, maar hul klink ook musikaal.

Blokfluite en melodikas is belangrik vir vloeiendheid aangesien hul aangehoue tone kan speel. Die kitaar kan gebruik word as harmoniese of melodiese instrument. Ander orkesinstrumente, bv. strykers en blaasinstrumente, leen hulle nie so goed tot melodiese improvisasie nie veral a.g.v. hul speeltegniek- en intonasieprobleme.

Groepe van nie meer as 12 leerlinge gee die beste resultate.

#### 6.3.2 Die vervaardiging van instrumente:

Afgesien van die vele klankmoontlikhede wat bestaande instrumente bied, is dit van groot belang dat kinders self ook instrumente maak. Hierdie aktiwiteit voorsien nie slegs in die skeppingsdrang van die kind nie, maar vergroot ook die verskeidenheid van klankmoontlikhede.

6.3.2.1 Slaginstrumente.

2.1.1 Slaginstrumente van hout.

Kastanjette :

Spaanse kastanjette, okkerneutdoppies of knope as vingerkastanjette. Kantanjette aan 'n houthandvatsel - geskik vir trillers.

Houtblokkies :

Chinese houtblokkies of enige houtblokkies wat teenmekaar geslaan kan word.

Ritmestokkies :

Gebruik ook bamboes of liniale vir moontlike klank variasies.


Marakkas :

Vervaardig self deur enige dosie, plastiekhouer ens. met droë bone, klippies, skulpies, houtblokkies, ens. te vul.

Houtstafies :


Gebruik 'n raamwerk waaraan klein houtstafies of stokkies vasgemaak is. Deur dit te skud, daarteen te blaas of met 'n metaalstafie daaroor te trek kan interessante klakeffekte verkry word.

25.



Wapperborde :

'n Dun houtbord word benodig  $\frac{+}{-}$  1 meter  
x 0,5 meter.






Die bord word stewig by die smaller kant  
gehou en vertikaal op en af geskud.

Houttromme :

Afrika-tromme is die geskikste, laat die  
kinders ook hul eie tromme maak met enige  
hol houtvoorwerp as resonator, bv. hol  
boomstamme, kalbasse, laaie, ens.

Eksperimenteer met enige tipe slaner soos  
hout-, metaal-, Orff- of papierslaners, ens.


Japanese trom :



Gebruik 'n kaasdosie, sny 'n gaatjie in die rand sodat 'n stokkie daardeur pas en aan die een helfte van die dosie vasgeplak kan word as handvatsel. Plak 'n dun toutjie met 'n kraletjie aan elke punt halfpad bokant die handvatsel vas. Seël die dosies met kleeflint. Bespeel die trom deur dit links en regs tussen die vingers te vryf of tussen die handpalms. Dit kan ook geskud word sodat die tou en kraletjie klink.



Kokosneutdoppe en Plastiekbakkies :

Hol doppe of bakkies kan teenmekaar geslaan of gevryf word of met slaners geslaan word.




Skuurblokkies :

Gewone houtblokkies met skuurpapier oorgetrek word teen mekaar gevryf.



Klapper :

'n Nabootsing van die Japanese  
"binsasara", (instrumente wat hul  
gebruik in hul volksmusiek).




Die instrument bestaan uit 60 vier-  
kantige houtblokkies (6 cm x 6 cm x 0,7 cm)  
hoog deur 'n tou aanmekaar vasgemaak.  
Die handvatsels is  $\pm$  7 cm lank.

Die instrument word horisontaal vasgehou  
sodat die houtblokkies teenaan die binne-  
kant van die vuus rus - deur die hande  
alternatief vinnig op en af beweeg terwyl  
die vuus na die binnekant oorleun word 'n  
kettingreaksie deur die houtblokkies ge-  
stuur wat 'n knetter effek tot gevolg het.

Dieselfde tipe instrument kan self vervaardig word met 60 vierkantige blokkies, (grootte soos bo). Boor 'n gaatjie' ( $\pm 0,3$  cm) ongeveer 1 cm van die kant in die blokkie. Skuur die blokkies glad met sandpapier en ryg 'n nylontou deur die gaatjies. Gebruik twee ronde stukkie hout (7 cm lank en 2,5 cm in deursnee met 'n gaatjie deurgeboor) as handvatsels, ryg die tou daardeur trek die tou styf, laat 'n speling van 4,5 cm tou aan elke kant tussen die blokkies en handvatsels toe, en knoop die tou.

26.



2.1.2 Velbedekte instrumente.

Handtromme :

Tromme van Afrika, Indië ens. Toon aan die kinders prente van hierdie tromme, moedig hulle aan om dit self te vervaardig. Hierdie tromme word gemaak van uitgeholde boomstamme, kleipotte, kalbasse, ens.

Groot tromme :

Keteltrom, Bastrom, Tamboer.

Kleiner tromme :

Snaartrom, Tamboer (Orff)

Tamboeryne :

Kinders kan self tamboeryne maak, bv.


'n hout of metaalraamwerk oorgetrek met 'n binneband met koel drankproppies, plat skulpies, dun stukkies metaal, ens. wat teenmekaar kan klingel langs die kante.

'n Vel of binneband van 'n motor kan ook styf tussen twee stokke gespan word.

Erdepotte, houtbakke, potte, glasbakke, koekblikke, kalbasse van verskillende groottes, blikkies van verskillende groottes, die kartonbuis van 'n papierhandoekrol wat in verskillende lengtes gesny is en met vel bedek is, ens. kan mee geëksperimenteer word. Tromme kan in enige vorm in verskillende groottes voorkom, bv.

Kegelvormig:


27.




Silindries:




Met 'n uitbulting in die middel:



Bakvormig:




Uurglasvormig:




Ovaalvormig:



Vierkantig:



Y - en L-vormige pype:



Instrumente van verskillende groottes kan ook op 'n staander gemonteer word, veral silindriese vorms, verskillende grootte blikkies, handdoekrolle en kalbasse leen

hul tot hierdie vorm. Gebruik 'n ligte aanslag vir die bespeling van hierdie instrumente.


Blikkies :

Die blikkies moet aanmekaar vas wees sodat die toe kante op 'n gelyke vlak is. Gebruik 'n rubberband.


Handdoekrolle :

Verskillende lengtes word gebruik en aanmekaar vasgelym. Die een kant word met 'n harde stukkie papier toegeplak terwyl die anderkant oop bly.


Van bo gesien :




Blikkies:




Handdoekrolle: Verskillende lengtes bepaal die toonhoogte.



Kalbasse:



Kalbasse word aan 'n  
stuk hout vas-gesit.



Die vel kan styfgespan word deur :


1. 'n Tou baie styf rondom vas te bind.



2. Deur die vel styf te span en 'n ring of draad-hoepel daaroor te trek.

3. Deur die styfgespande vel met spyker-tjies vas te slaan. (Skoenspykers of duimspykers). As 'n strokie materiaal tussen die spyker en vel geplaas word, sal dit in 'n mate verhoed dat die vel/binneband skeur.

4. As die vel aan albei kante van die resonanskas geplaas word, kan dit met 'n tou aanmekaar vasgebind word om dit styf te span.



Speeltegnieke :

Verskillende soorte slaners kan gebruik word bv. tromstokke, slaners met hout- of viltkoppe, dun stokkies, borsels, lepels, ens.

Eksperimenteer deur op verskeie plekke te speel.

Ander tegnieke kan toegepas word, bv. trommel met die vingers, slaan met die vingers, vryf, krap, skiet met die vingers, ens.

2.1.3 Metaalinstrumente.

Driehoeke :

Gebruik verskillende groottes of verskillende tipes metaal wat dieselfde klank voortbring.




Simbale :

Gebruik verskillende groottes en bespeel met verskeie slaners. 'n Ou strykstok wat oor die kant gestryk word gee 'n besonderse mooi klank.


Klokkies :

Gebruik etensklokkies of enige tros metaal voorwerpe wat dieselfde tipe klank maak, soos bv. 'n bos sleutels, 'n klomp spykers, wasters, koel drankproppies ens. Ryg dit aan 'n draad en maak dit aan 'n handvat sel vas.

28.




Spykers of sleutels aan 'n tou geryg of vasmag. Deur dit te skud word die klank voortgebring.



Metaalhangertjie :

'n Tipe ornament wat in huise gevind word en deur die wind in beweging gebring word, veroorsaak 'n interessante toontros. wanneer die metaalskyfies aanmekaar raak.



Ghongs :

Alle groottes kan gebruik word. Eksperimenteer ook met koekblikdeksels; rolkoekpanne, metaalskinkborde, gewone panne, wioldoppe van motors ens. Solank dit 'n mooi aanvaarbare klank maak.

Marakkas :

Experimenteer met enige klein voorwerpies, bv. albasters, droë-bone, pitte, klippies, spykertjies, skulpies, ens. in blikkies.

Dromme :

'n Groot olie-drom of verskillende grootte blikke, met of sonder 'n vel oorgespan en met verskillende slaners geslaan, lewer interessante klankeffekte.

Wapperborde :

'n Groot stuk sinkplaat (1 m x 0,5 m) wat vertikaal op en af geskud word, veroorsaak 'n interessante klank. 'n Lang saag op bogenoemde wyse hanteer, of met verskillende slaners bespeel, maak 'n verskeidenheid klanke.

Kombuisgereedskap :

'n Ou eierklitser, skêr, rasper, potte, panne, deksels, gekartelde metaal-koekiedrukker ens. gee 'n groot verskeidenheid klankkleur as dit met enige tipe slaner geslaan word of met 'n metaalstokkie aan die binnekant gerol word.

Meganiese voorwerpe :

'n Wekker, voordeurklokkie, waaier, ens.

2.1.4 Slaginstrumente van glas

Glasmarakkas :

Konfytflesse met stukkies glas, albas-  
ters, spykers, ens. maak interessante  
klanke wat heeltemal verskillend is van  
gewone hout-marakkas se klank.

Glashangertjie :

Tipe ornament (soos beskryf in metaalhang-  
ertjie) van dun glas of skulpies wat 'n  
fyn klinkende klank maak.

Slaginstrumente :

Enige grootte bottel, glasfles, glase,  
glasballe, ens. met 'n hout- of metaal-  
slanertjie geslaan, kan 'n goeie klank  
produseer.

Wynkelkies :

'n Nat vinger gevryf om die rande van wyn-  
kelkies bring ook 'n sangerige klank voort.

2.1.5 Melodiese slaginstrumente

Glockenspiels :

Sopraan en Alt glockenspiels - Sonostawe.

Xilofone :


Sopraan - Alt - en Basxilofone - Sonostawe.

Metallofone :

Sopraan - Alt - en Basmetallofoon.

Vibreerkaart :

Neem 'n stywe strook papier, ( $\pm$  20 cm x 9 cm) maak aan die een kant 'n ronde gat.



Druk die skyf vertikaal tussen die stafies en die klankkas deur en beweeg dit op en af wanneer 'n toon gespeel word. (in melodiese slaginstrumente)


Klokkespel :

Verskillende tipe materiaal kan aan 'n raamwerk gehang word en met 'n harde slaner bespeel word.

bv. verskillende lengtes spykers,  
verskillende lengtes metaalstafies,  
verskillende lengtes pypies,  
verskillende lengtes houtstafies.

Gewone bottels met water gevul op verskillende vlakke. Verskillende groottes potplanthouers.

29.



Glase :


Met water gevul tot verskillende vlakke.

Xilofoon :

Kan gemaak word deur houtstafies van verskillende groottes op 'n raamwerk vas te sit. Kalbasse kan onder aan die stafies vasgemaak word en sodoende dien as resonanskas. Ander resonanskaste kan bv. erdepotte wees.

Glockenspiel :

Gebruik 'n driehoekige houtraamwerk en monteer spykers of pypies van verskillende lengtes daarop. Bespeel met harde slanertjie.




Duimklaviere : (Afgelei van die kalimba of imbira)

Vir die klankkas kan 'n leë kokosneutdop, sigaretdosie, visblik ens. gebruik word. Klawertongetjies kan gemaak word van platgeslaande sambreelraamdraad, klerehanger-

draad of spykers van verskillende lengtes.


Kokosneutkalimba :

30.



Imbira :

Klawertongmeganisme werk soos volg.



2.1.6 Verskillende slaners:

Plaas 'n vingerhoed op elke vinger en tokkel daarmee.

Hout- en viltkopslaners :

Soos gebruik by Orff - instrumente.

Tromstokke :

Gewone asook die soos deur Afrika-tromslaners gebruik.

Borsels :

Soos deur tromspelers gebruik.

Sagte slaners :

Kurkprop, bottelborsel, spons, materiaal, ens. aan 'n handvatsel vasgesit.

Medium hard :

Plastiese lepels, of 'n rubberbal aan 'n handvatsel vasgesit.

Harde slaners :

Houtgaretol of groot krale aan 'n stok, breipen, ens. vasgesit, of 'n breipen met 'n groot kop, metaallepel, houtspaan, metaalstafies, ens.

6.3.2.2 Snaarinstrumente.

Autoharp :


Strykinstrumente : Viool, altviool, tjello,  
kontrabas.

Kitaar :

Kreatiewe idees vir snaarinstrumente

Een - snaar - basinstrument :


31.




Die toonhoogte varieer volgens die spanning van die snaar deur die stok hoër op te trek of te laat sak. Die ander hand pluk die snaar.


Eensnaarluit :

Neem 'n breë plankie, gebruik 'n potplanthouer as resonanskas en span 'n snaar daaroor - maak weerskante aan 'n skroefogie vas. Bespeel met 'n strykstok, dun stokkie of tokkel die snaar.






Melkkartonkitaar :

Sny 'n gleuf(  - vormig) sowat 25 mm van die bokant van 'n melkkartonnetjie en steek 'n houtliniaal daardeur. Sny gleuwe aan die bokant, en span die snare. (vislyn) M.b.v. die skroefogies kan die snare stywer getrek word. Bespeel deur te pluk, tik met 'n stokkie of gebruik 'n strykstok.





Snare, (vislyn) kan oor enige resonanskas of holbak gespan word en met die vingers getokkel, stokkie geslaan of met 'n strykstok bespeel word.


Voorbeelde :



Kalbas - word teen die lyf gedruk en weggetrek.





← Mik van 'n hoontak.



Rekkies

Hoenderbeentjie



Rubberbande om 'n doos




Potlode

Rubberbande of rekkies.


Bliklier:



Mondboog :



Die snaargedeelte word by die een hoek tussen die lippe gehou, die snaar word dan met 'n ligte stokkie getik terwyl die mondholte as resonanskas dien.




Rekkies om die leuning van 'n stoel.

6.3.2.3 Blaasinstrumente:


Aangesien blaasinstrumente behalwe blokfluit oor die algemeen baie duur is en die tegniek om dit te bespeel moeilik is vir kinders, kan daar baie interessante instrumente vervaardig word wat 'n groot verskeidenheid klank kan maak.

Waterbottels :



Spesifieke toonhoogte word verkry deur oor die opening van die bottel te blaas - 3/4 kinders kan gebruik word om 'n oktaaf te speel.


Proefbuisfluite :



Die water kan gekleur word vir verskillende toonhoogtes - kinders kan dan eenvoudige wysies van kleurkaarte af speel.

Panfluite :

Plastiekpyp of riet in verskillende lengtes gesny, onder toegestop met kunsklei volgens toonhoogte (hoe hoër die stopsel, hoe hoër die toon) en aanmekaar gebind met tou, lint of riempies vorm 'n panfluit. Die lengtes kan ook apart gehou word en aan verskillende kinders gegee word sodat hulle wysies kan improviseer.



Beuel :

'n Metaal-/plastiektregter, mondstuk van 'n ou trompet, lang pyp of tuinslang. Experimenteer deur die mondstuk in die pyp te plaas en die lug daardeur te forseer.



Horings :

Die horing van 'n dier. Boor 'n gat deur die punt.



en bespeel soos 'n trompet of vyl 'n gaatjie (soos dwarsfluit)

aan die kant en blaas die lug daaroor.

Bv.




Windbuis :

Neem enige lang plastiese pyp (25 mm in deursnee) en swaai dit in die rondte bokant die kop - verskillende klanke kan so ontstaan.

Kalbasfluit :

Vyl 'n gaatjie aan die kant van 'n kalbas, hou dit voor die mond en maak nog 2/3 gate onderkant die vingers sodat hul dit gemaklik oop en toe kan druk.



6.3.2.4 Ander instrumente:

4.1 Klavier:

Eksperimenteer met : Motiewe wat oor die hele  
toetsbord herhaal word.  
: Toontrosse deur 'n vuis  
of voorarm.

Met die pedaal af-

gehou : Trek met die vinger, naels,  
stokkie, ens. oor die snare.  
: Pluk die snare met die  
vinger.  
: Slaan dit liggies met 'n  
sagte slaner.  
: Plaas 'n stuk koerantpapier  
tussen die dempers en die  
snare en los die pedaal - 'n  
baie interessante klank word  
verkry wanneer normaalweg op  
die toetse gespeel word.

4.2 Liggaam-slagwerk

Eksperimenteer met klank wat jy met jou liggaam  
kan maak, bv. handeklap, vingerklap, voetetik,  
tokkel, slaan, bons, klop, piep, stamp, krap, hyg,  
hik, knieklap, tongklap, fluit, snik, pers lug  
deur die lippe, vul die mondholte met lug en tik  
met die vingers teen die wange, ens.

4.3 Saagviool:

Neem 'n gewone saag, knyp die handvatsel tussen jou knieë vas sodat die tandekant na binne is en buig dit dan S-vormig deur jou linkerduim 7 - 8 cm van die punt van die saag, te sit. Stryk die rand met 'n strykstok. By gebrek aan 'n strykstok kan die kant ook met 'n stok getik word, terwyl jy die lem op en af beweeg. Sodra die tegniek bemeester is, kan verskeie melodieë op die manier gespeel word.

4.4 Kardoessakke:

Eksperimenteer deur die kardoës te skud, te frommel, op te blaas en te klap, verskillende voorwerpe daarin te plaas en dit te skud, ens.

4.5 Ballonne:

Blaas die ballon op : Laat dit los.

: Trek die mondstuk in 'n nou spleet en laat die lug uitkom - verander die spleet.

: Steek dit met 'n kopspeld.

4.6 Skuifeldoos:

Neem 'n lang plat doos, gooi daarin rys, droë bone, droë ertjies, mieliepitte, klein klippies, ens. - eksperimenteer met klank deur die doos stadig/vinnig te kantel, skud, vibreer, ens.

6.3.3 Wenke vir die stimulering van instrumentale improvisasie.

1. Ontdek alle klankmoontlikhede en klassifiseer dit volgens toonhoogte, (hoog, middel, laag) kwaliteit, (hout, metaal, glas) en toonduur (aangehoue of kort klank).
2. Kombineer verskillende groepe klankmoontlikhede bymekaar en eksperimenteer met teksture.
3. Speel 'n mars of slaapliedjie en vra met watter instrument hulle dit sal begelei.
4. Laat die leerlinge bepaal watter instrument helder of sagte kleure sal voorstel.
5. Patrone of kleure van klere wat hul dra kan deur instrumente uitgebeeld word.
6. Laat hulle prente van 'n trein, horlosie, blom, boom, ens. d.m.v. instrumente beskryf.
7. Woorde bv. bibber, malvalekker, perskepit, tingel, woud, berge, water, ens. kan d.m.v. instrumente uitgebeeld word.
8. Speel 'n kort frase as vraag op 'n instrument, die klas moet individueel daarop antwoord met hulle instrumente.
9. Beeld bekende rympies met instrumente uit.
10. Improviseer orkestrasies vir bekende liedjies.

6.3.3.1 Ritmiese Improvisasie.

3.1.1 Volgens Getalle:

1. Aan elke kind word 'n nommer van 1 - 10 gegee. Hierdie nommer dui die aantal kere aan wat daar op die instrument gespeel moet word, bv. 3 dan moet die betrokke leerling in groepe van 3 speel, bv. ... .. Daar kan ook meer as een nommer aan een kind gegee word, bv. 1, 3, 2 dan speel hy soos volg . ... .., . ... .., ens. 'n Dirigent kan ook met sy vingers die getalle aandui. Dieselfde pols kan deurgaans gehandhaaf word of elkeen kan sy eie tempo speel.
2. Interessante klankeffekte kan verkry word wanneer leerlinge in groepe van 3 op verskillende instrumente en ritmes improviseer bv.


Notasie van klank

Standaard notasie



Ritmestokkie

Houtblok



Simbaal




Groep van 3



Groep van 4



Groep van 5



### 3.1.2 Volgens woorde:

1. Werk die ritmepatrone van dorpsname, straatname, vanne, lande, ens. uit. Improviseer die ritmes op instrumente in Rondovorm.
2. Speel die ritmepatroon van kinders se name en vanne, hulle moet raai wie dit is. Gee ook geleentheid vir individue om voor te speel.  
Skryf 'n klomp woorde op die bord, individuele leerlinge word gevra om die ritmepatroon van enige woord te klap, die ander moet raai watter woord dit is.

### 3.1.3 Ritmepatrone van bekende liedjies:

1. Kort frases of kenmerkende ritmepatrone van liedjies kan geklap word, die leerlinge moet raai watter liedjie dit is.
2. Ritmepatrone van bekende liedere kan deur verskillende groepe in die klas gespeel word bv. Groep 1 - frase 1; Groep 2 - frase 2; Groep 1 - frase 3, ens.
3. Die klas kan ook in meer as een groep verdeel word. Flitskaarte wat die frases aandui kan aan die groepe geflits word en hulle moet die betrokke frase speel.
4. Aantal ritmekaarte kan op die bord geplaas word. Individuele leerlinge speel dit voor, en die klas moet raai watter een dit is.
5. Rondo's kan gespeel word met bogenoemde ritmekaarte of frases.


### 3.1.4 Liggaamslagwerk

Interessante improvisasies kan gemaak word met liggaamsklanke. Begin aanvanklik baie eenvoudig, bv.

1. Tik met die voet

Vingerklap

Fluit




Eksperimenteer met hard en sag, vinnig en stadig.

2. Tel hardop

Handeklap


Tik met voet



3. Sê die woord jam/pam

Vingers tik links en regs


Voete stamp



4. Klik met tong

Knieslag

Bons op stoel




Kinders moet hul eie partiture maak.

5. Skep 'n Rondo met liggaamslagwerk, bv.

A : Handeklap


Voetestamp



B : Tongklap

Vingerklap


Knieslag



A : Herhaal

C : Fluit

Bons op stoel



A : Herhaal

### 6.3.3.2 Melodiese Improvisasie

#### 3.2.1 Gebruik van verskillende toonaarde :

##### Pentatoniese toonaard

Die afwesigheid van halwetone in hierdie toonaard maak dit by uitstek 'n toonaard vir melodiese kreatiwiteit.

Orff gee in sy "Music for Children" - reeks baie voorbeelde en idees vir skeppende werk in die pentatoniese toonaard.

Pentatoniese toonlere kan vanaf enige gegewe toon uitgewerk word, bv. op die swart toetse van 'n klavier. Kinders geniet dit om hul eie melodieë uit te werk, bv. op die volgende woorde :

Pollie - Papegaai

Wielie - Walie

Trippe - trappe - trone

Improviseer in Rondovorm.

A : 'n Liedjie met bordun- en ostinaat

begeleiding.

B : geïmproviseerde solo op 'n Xилоfoon.

A : Herhaal

C : geïmproviseerde solo op 'n glocken-  
spiel.

A : Herhaal

Deskante of ostinati kan by oorspronklike  
melodieë geïmproviseer word.

#### Ander toonaarde

bv. Majeur, mineur, heeltoon, ens.

kan gebruik word veral by senior  
klasse.

#### Die Twaalftoon - reeks

soos aanvanklik deur Arnold Schönberg  
gebruik, bied 'n interessante uitdaging  
vir meer gevorderde leerlinge aangesien  
hul kan eksperimenteer met omkerings en  
kreeftegang. Tone wat gebruik word,  
vorm 'n chromatiese toonleer maar daar  
word geen melding gemaak van 'n grond-  
toon nie, daarom word daarna verwys as  
'n reeks. Die tone word gewoonlik in 'n  
spesifieke orde gerangskik en geen toon  
word herhaal voordat die hele reeks ge-  
bruik is nie.

### 6.3.4 Gebruik van partiture



#### 4.1 Grafieksisteem


Eksperimenteer met enkelklanke ( ● ) en trillers ( ~~~~~ ).  
Hierdie partiture is geskik vir solo - instrumente maar die klas kan ook as geheel die orkestrasie uitvoer. Verskillende kleure kan gebruik word om verskillende instrumente voor te stel.

32













































●	●	●	~~~~~	~~~~~	●	●	●
~~~~~	●	~~~~~	●	~~~~~	●	~~~~~	●
●		●			~~~~~	~~~~~	~~~~~
~~~~~	~~~~~	~~~~~	●	~~~~~		●	●
●	●		~~~~~	●	~~~~~	~~~~~	~~~~~
~~~~~	~~~~~	~~~~~			●		●
●	~~~~~	●	~~~~~	●	~~~~~	●	~~~~~
●	●	●	~~~~~	~~~~~	●	●	●





Interessante patrone kan ontwerp word.



 ;  word op melodiese instrumente geïmproviseer.


1 ; 2 en  word op nie-melodiese instrumente geïmproviseer.






Getalle word gebruik om die aantal klanke voor te stel.

	1		2	2		1	
		1			1		
			1	1			
							
							
			1	1			
		1			1		
	1		2	2		1	

In die volgende partituur word geëksperimenteer met vinnige en stadige trillers, dinamiek in  en  en  en  wat deur die getalle voorgestel word. Hierdie partituur is in speelbeeld opgestel.





-  - Driehoek
-  - Glockenspie
-  - Xilofoon
-  - Simbaal
-  - Waterbottel

Voorbeelde van partiture waar die tydsduur in sekondes aangedui word.

Verdeel die instrumente tot jou beskikking volgens klankkleur, nl.

Slaginstrumente : Baie hoog, medium-hoog, hoog,  
medium, medium-laag, laag,  
baie laag.

Melodiese Slaginstrumente : soos slaginstrumente.

33.

The diagram shows a musical score for a multi-instrument ensemble across 9 measures. The measures are grouped into pairs: (1,2), (3,4), (5,6), and (7,8). The instruments are listed on the left: Baie hoog (High), Hoog (High), Med. hoog (Medium High), Melodiese instrumente (Melodious instruments), Med. laag (Medium Low), Laag (Low), and Baie laag (Low). Dynamics include pp, p, mp, mf, and pp. The score includes improvisation sections and a section where instruments 4 and 5 are replaced by different instruments. The diagram uses various musical notations such as wavy lines, horizontal lines with dots, and slanted lines to represent sound and dynamics.

Melodiese instrumente word gebruik en die toonhoogtes waarop daar geïmproviseer moet word, word aangedui. Let op na die dinamiese veranderinge en enkeltone wat aangedui word d.m.v. ( . . . , . . . . ). Nege verskillende instrumente word gebruik waarvan instrumente 4 - 6 deur ander instrumente in maat 4 en 5 vervang word en weer terugkeer na die oorspronklike instrumente in maat 7 - 8.

33.

Musical score for six instruments (I and II) across 17 measures. The score includes dynamic markings (mp, mf, sf, p, pp, etc.), articulation (IMP, gliss.), and rhythmic values (5'', 10'').

I : Melodische instrumente

II : Slag instrumente

33.

Musical score for four registers (Hoog, Med. Hoog, Med. laag, Laag) across 14 measures. The score includes dynamic markings (mf, f, sf) and rhythmic values (6'', 3'', 12'').



Dit is belangrik dat melodiese instrumente nie dieselfde toonhoogte moet speel nie. Volgens die onderstaande getalle - partituur dui die getal die aantal sekondes aan wat die verskillende groepe moet speel.

B	18	30	14	22	31
A	15	27	12	20	28
C	12	24	10	18	26
D	9	21	33	16	25

4. Die groepe eksperimenteer met enkeltone en aangehoue tone. Die klas besluit vooraf watter groepe enkeltone of trillers speel.

#### 4.3 Simbole

1. Improvisasie vir groepe van 4. (3 spelers en 'n dirigent).

Elke speler : kies 'n melodiese en nie-melodiese slaginstrument.

: begin by die plek soos aangedui op die partituur.

: besluit hoe hy die simbole gaan interpreteer.


: volg die partituur n.a.v. die pyle.

Die dirigent : dui die invalle aan.


: wanneer daar na 'n volgende blokkie beweeg moet word.

: dui die einde aan.

34.




2.



'n Dirigent dui die tydsduur aan volgens die getalle. Een leerling slaan die aantal slae volgens die getalle op 'n simbaal, die ander improviseer op die simbole. Die klas kan ook in groepe verdeel word en elke groep kry 'n simbool om te improviseer.

3.





Soos bogenoemde maar tydsduur hang geheel en al van die dirigent af.

4.4 Blok- en Wigsisteem


Hierdie sisteem is meer geskik vir vokale improvisasie in klasverband aangesien die simbole van toepassing is op toontrosse. Dit kan egter individueel op die klavier of orrel geïmproviseer word.

35.






Tydsduur in sekondes aangedui.  
36.


















'n Definitiewe toonhoogte kan ook aangedui word deur lettername by die klanksimbole te voeg. 'n Metronoom-aanduiding kan gegee word indien 'n sekonde-aanduiding ontoereikend is.




4.5 Prentesisteem

36



= Klappers.



= Glockenspiel.



= Boek waarvan die blaaie geblaaie word.



= Simbaal speel op die uur.

H O O F S T U K 7

KREATIEWE BEWEGINGSLEER

Inleiding

Beweging kan beskou word as 'n reaksionêre universele uitdrukkingsmedium van verskillende situasies waarin 'n mens beland. Hierdie unieke manier van kommunikasie is baie belangrik vir die estetiese ontwikkeling van die kind. Die kind kry die geleentheid om die bewegingsmoontlikhede van sy hele liggaam te ontdek en sodoende word 'n beter selfbeeld- en selfkonsep en meer selfvertroue ontwikkel. Deur kreatiewe beweging word inhibisies ook oorkom.

Skeppende beweging is ook 'n middel om die vermoë om musiek-konsepte te verstaan, te ontwikkel. Wanneer daar na musiek wat deur liggaamsbewegings geïnterpreteer moet word, geluister word, moet hul luister na :

ritme : pols, ritmiese patrone, tempo, maatslag.

melodie : omvang, kontoerlyne, herhaling.

dinamiek : hard, sag, crescendo, diminuendo, stilte.

vorm : herhaling van dieselfde dele, kontrasterende dele.

Die kind se insig in musiekkonsepte vergroot en ontwikkel op beide kognitiewe en psigomotoriese vlak.

Individuele verskille in kinders sal gereflekteer word in hul bewegingsaksies t.o.v. ritmiese elemente en dinamiese verskille.

Volksdanse weerspieël in 'n groot mate 'n volk se kultuur.

Van die vroegste tye word beweging gebruik vir die uitdrukking van gevoel, daarom is dit 'n belangrike afdeling van die opvoedingsproses.

7.1 Riglyne by die aanbieding van kreatiewe beweging

Aangesien 'n kind se deelname in en ontwikkeling van kreatiewe beweging eerder gestimuleer as aangeleer word, kan 'n spesifieke prosedure nie voorgeskryf word nie.

Die leerkrag se deelname is baie belangrik, sy/hy moet vind- ingryk, verbeeldingryk, entoesiasties en soepel wees.

Die volgende kan as riglyne dien :

- 1.1 Voldoende bewegingsruimte. Verdeel die klas in groepe as die ruimte te klein is vir die hele klas. Betrek die wat nie deelneem nie deur direkte vrae oor die groep se bewegings.
- 1.2 Spandeer die maksimum tyd aan skeppende bewegings aangesien kinders baie meer tyd nodig het om betrek te word in kreatiewe beweging as wanneer die leerkrag 'n aktiwiteit voorgaan.
- 1.3 Stimuleer die kind se verbeelding d.m.v. vrae bv. Hoe stap jy deur 'n stroom water, warm sand, sterk wind, ens.
- 1.4 Die gebruik van die stem moet die atmosfeer of tipe beweging weerspieël, bv. lig, vinnig, swaar, intens, asemrig, ens. Wissel begeleidings af met slaginstrumente, opnames van musiek van verskillende periodes en verskillende kulture.
- 1.5 Bykomstighede soos kostuums, serpe, lyfbande, hoede, baarde, krale, balle, koerante, toue, kartonne, kryt, doeke, ens. is belangrik.
- 1.6 Groot kaarte teen die mure waarop danse, groeperings, houdings, vloerpatrone, voorbeelde van uitroepe by danse, danspassies, ens. geïllustreer word, verfraai nie slegs die klas nie, maar dien ook as stimuli

vir kreatiwiteit.

- 1.7 Grafiese voorstelling van klankkonsepte.
- 1.8 Bemoedig en streef na 'n hoe standaard moenie alles voor die voet aanvaar nie.
- 1.9 Stimuleer die kind se vertrouwe in sy eie natuurlike kreatiewe moontlikhede en moenie toelaat dat hy afhanklik raak van 'n volwassene of 'n groep nie.
- 1.10 Vrae wat die kind laat dink, ondersoek en eksperimenteer moet gevra word, bv.
  1. Wat is die kleinste deeltjie van die liggaam wat julle kan beweeg? Beweeg 2 deeltjies, ens.
  2. Kom ons kyk of ons die grootste deel van ons liggaam kan beweeg - op verskillende maniere. Kan drie dele beweeg?
  3. Beweeg die dele van die skouers af op - van die heupe af af.
  4. Beweeg 'n deel wat met e begin (elmoog) met k (kop, ken, ens.).
  5. Hoe stadig kan ons stap?
  6. Rol julle in die kleinste bondeltjie.
  7. Hoe kan ons van een punt na die volgende gaan?
  8. Hier is 'n arm - hoe kan ons dit beweeg?

## 7.2 Basiese Bewegings

Op enige vakgebied is daar basiese beginsels wat as fondament dien vir die uitbreiding en aanbieding van die vak. Skeppende ritmiese bewegings berus op basiese bewegings wat die kind moet ondervind en bewus van wees voordat hy kreatief te werk kan gaan. Skeppende bewegings is 'n

kommunikasie-middel waardeur die kind sy gedagtes en gevoelens deur die gebruik van sy liggaam weergee. Die inhoud van hierdie "taal" groei uit die natuurlike menslike beweging.

Hierdie basiese bewegings kan in twee kategorieë verdeel word, nl. lokomotoriese en nie-lokomotoriese beweging.

#### 7.2.1 Lokomotoriese beweging

Eksperimenteer met loop, hardloop, huppel, galop en spronge. 'n Verskeidenheid van oefeninge moet gedoen word t.o.v. hierdie basiese bewegings in verskillende rigtings, tempo's, dinamiek, maatslag en paslengtes (lank, kort treetjies).

Allerlei vorme van voortbeweging spruit uit kombinasies van bogenoemde bewegings, bv. gly-, galop-, wissel-, wals-, polka-, mazurka-, skotse-, hopsa-, pas - de - basque en hurrepas.

#### 7.2.2 Nie-lokomotoriese beweging

Swaai, huig, strek, stoot, trek, slaan, ontwyk, val, opstaan, gooi, vang, lig, neersit, stryk, ens.

Die kinders moet baie eksperimenteer met hierdie bewegings asook kombinasies van lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings op verskillende vlakke.

### 7.3 Faktore wat beweging beheer

Verbeeldingskrag is belangrik maar is op sigself nie voldoende vir improvisasie nie. Dit is essensieel dat die kind ondervinding opdoen in beweging en wel op so 'n manier dat hy self moet eksperimenteer met die faktore wat beweging beheer, nl. ruimte, tyd en krag.

#### 7.3.1 Ruimte

Leerlinge moet geleer word om bewus te wees van die ruimte om hulle waarin alle bewegings uitgevoer word en om bewegings volgens die volgende beginsels van ruimte te ontleed.

7.3.1.1 Grootte van beweging

7.3.1.2 Vlakke van beweging

7.3.1.3 Rigting van die beweging

7.3.1.1 Beweging word beperk deur liggaamsbou, krag en swaartekrag sal dus varieer in grootte. Sodra leerlinge 'n begrip van die grootte van 'n beweging het, moet die bewegings, idees en temas wat gebruik word, aangepas word by die ontwikkeling en kennis van elke klas.

7.3.1.2 Beweging word aanvanklik in enige rigting geïmproviseer, maar moet later op bepaalde vlakke - hoog, middel en laag of kombinasies van die drie - geïmproviseer word. Kombineer ook hierdie bewegings met

lokomotoriese sowel as nie-lokomotoriese bewegings.

7.3.1.3 Bewegings kan vorentoe agtertoe en sywaarts wees. Bewegings wat hierop gebaseer word, word vloerpatrone genoem. Allerhande interessante vloerpatrone kan met lokomotoriese bewegings gevorm word. Rigting i.v.m. beweging in nie-lokomotoriese beweging, dui beweging in alle vlakke aan en is bekend as ruimtepatrone.

#### 7.3.2 Tyd

Alle bewegings moet binne 'n sekere tyd uitgevoer word - dus is tyd 'n kontrolerende faktor by beweging en is dit belangrik dat kinders van tempo, maatslag en aksente bewus gemaak word.

##### 7.3.2.1 Tempo

Aangesien daar so baie, terme en musiek is wat tempo aandui, kan hierdie terme toegepas word in kreatiewe beweging.

##### 7.3.2.2 Maatslag

Eksperimenteer met alle maatslae ook minder gebruiklike maatslae soos  $\frac{5}{4}$  ;  $\frac{7}{4}$  , ens., sowel as met kombinasies van hierdie maatslae.

#### 7.3.2.3 Aksent

Aanvanklik word bewegings gedoen met die aksent op die sterk polse. In meer gevorderde werk kan die aksent verskuif word na onbeklemtoonde maatslae. Interessante patrone kan verkry word deur die aksente op verskillende maniere te verskuif.

#### 7.3.3 Krag

Leerlinge moet daarvan bewus wees dat krag (energie) nodig is vir beweging. Spierkrag is veral van belang, maar swaartekrag moet ook in gedagte gehou word. Leerlinge moet ook kennis dra van die hoeveelheid krag en die tydsduur (tempo) waarin beweging toegepas word en die kwaliteit daarvan. Eksperimenteer met krag in lokomotoriese- en nie-lokomotoriese beweging.

#### 7.4 Idees vir kreatiewe beweging

Wanneer kinders toegerus is met 'n repertoire van basiese bewegings, kan individueel of in groepe begin word met perseptuele, affektiewe en eksterne faktore wat hul bewegings op verskillende maniere beïnvloed.

#### 7.4.1 Perseptuele waarneming

##### Sensoriese gewaarwording

1. Val oor 'n kan vol lym- jou hande, voete, alles is vol lym, probeer dit afkry, maar dit word net taaier
2. Jy is in 'n spinnekopweb, probeer uitkom.
3. Die mis is baie dig en jy wil vir 'n vriend gaan kuier-voel jou weg deur die mis.
4. Jy moet oor 'n besige straat beweeg, voertuie kom van beide kante, wat doen jy?
5. Beweeg oor dun glas sonder om te loop.
6. Stap op 'n vloer vol vere sonder om dit te versteur, of oor ys, of teer, of deur 'n vol rivier, of warm kole, ens.
7. Kinders se oë word toegebind, 'n voorwerp word aan elk gegee, bv. 'n pen, 'n bal, 'n masker met gelaatstrekke., hulle moet die voorwerp betas en 'n beweging improviseer wat die voorwerp by hulle opwek.

##### Temas :

1. Stormwinde en die uitwerking daarvan op die natuur.
2. 'n Klein begin : Verduidelik hoe een persoon met 'n plan op klein skaal kan begin en hoe 'n 2e, 3e, ens. persoon kan aansluit om dit uit te brei.
3. Wie soek, sal vind : Leerlinge beweeg vry rond om op verskillende vlakke te "soek" - probeer bewegings verbind in 'n definitiewe patroon met "vind" as klimaks.
4. Kleivorme : Leerlinge veronderstel hulle is klei in 'n pottebakker se hande. Hulle neem verskillende vorme aan waarvan die een in die ander vloei volgens 'n spesifieke tempo. Dieselfde idee kan gebruik word om bv. bome, skulpe, blomme, ens. voor te stel.

5. Spieëlbeelde : Leerlinge werk in pare, een maak 'n denkbeeldige beeld met sy hande of hele liggaam, sy maat wat toe-oë sit, moet die beeld betas en dan 'n spieëlbeeld daarvan maak.
6. Standbeelde : Leerlinge werk in pare, die een maak 'n denkbeeldige standbeeld van die ander.
7. Gemoedsstemming : Jolig, treurig, misterieus, opgewek, snaaks, ens.
8. Temas oor 'n gevegstoneel, kermis, begrafnis, ens. kan gebruik word.

#### 7.4.2 Konsepte

1. Tempo :
  - 1.1 Spoed van Vervoer : Leerlinge noem verskillende maniere van vervoer, bespreek 'n paar en laat hulle die kontras in tempo uitbeeld.
  - 1.2 Gevoelsverandering : (word gebaseer op geleidelike tempoverandering).
  - 1.3 Dramatiseer enige sportsoort in 'n stadige beweging.
2. Maatslag :
  - 2.1 'n Lokval : bespreek paslike aanvallende en verdedigende bewegings. Die klas kan in groepe verdeel en elke groep doen sy bewegings op verskillende maatslae. 'n Beweging word op elke aksent uitgevoer en die houding word volgehou vir die onbeklemtoonde polse.
  - 2.2 Hipnotisme : 'n gekombineerde maatslag wat 'n patroon vorm kan gebruik word as 'n bewegingspatroon,

123 : 12 : 12 : 1234. Een groep hipnotiseer met kragtige armbewegings terwyl die ander groep op hierdie bewegings reageer.

- 2.3 Handearbeid : bespreek die bewegings van hande-  
arbeid, laat leerlinge 'n kort bewegingspatroon in  
verskillende maatslae daarvolgens uitwerk, bv.  
vensterwasser, visserman, straatveër, bouer, snoeier,  
houtkapper, ens. Leerlinge demonstreer hul bewegings  
en die ander moet uitvind wat die groep voorstel.
- 2.4 Diere uit die oertyd : bespreek die golfbewegings  
van seediere, leerlinge beweeg asof hul nie bene  
in hul liggaam het nie.

3. Vorm in komposisie :

3.1 Tweeledige vorm AB

Ontmoeting van onbekendes : Improviseer bewegings  
op die vraag - antwoordmetode.

3.2 Kanon

'n Stadige optog : die beweging word deur een groep  
begin, die ander groepe val in en boots die eerste  
groep se bewegingspatroon na.

3.3 Tema en variasie

Variasies kan gebaseer word op :

: verandering van grootte, vlakke en tempo van 'n  
beweging

: verandering van ritme bv. van reëlmatig na  
onreëlmatig

: verandering van rigting

byvoeging van ander bewegings.

### 3.4 Rondovorm (ABACA)

Sketse uit die Pionierslewe : bespreek moontlike aktiwiteite - veg, plant, om die kampvuur dans, waterdra, ens. Ontwikkel 'n patroon vir elke aktiwiteit en kombineer dit in Rondovorm.

Ander temas : buitekant die winkelvenster, koerantverkoper, stiergevegte, ens.

## 4. Geskikte musiek vir begeleiding van konsepte :

(nootwaardes, ritmiese patrone, aksente, frasering toonkleur en vorm).

### 4.1 Nootwaardes en ritmiese patrone

Heiderosie, Vader Jakob, Jan Pierewiet, Baa - Baa Swart Skaap, ens. (FAK)

### 4.2 Aksente en maatslag

Enige musiek is geskik. Aksente moet duidelik gespeel word.

### 4.3 Frasering

Frases van gelyke lengtes : Jan Pierewiet, Ek soek na my Dina, Aai aai die Witborskraai, ens.

Frases van ongelyke lengtes : De Wet; Na Buite; Drawwertjie - lied; Land, Volk en Taal; Hansie Slim; Een Triomfantelik Lied van de Zilwervloot. (FAK)

Bewegings met arms : Op vleuels van gesange; In die helder maanskyn; Soveel groete stuur ek jou. (FAK)

## 5. Interpretasie.

Die volgende kan geïnterpreteer word.

### 5.1 Ritme :

Dit is die mees konkrete faktor wat vertolk kan word. Luister, ontleed en bespreek tyd, frasering, tempo, ritmepatrone, ens. toets gepaste bewegings en verwerk dit tot 'n bewegingspatroon.

### 5.2 Stemming :

Luister en bespreek toonvlakke, dinamiese verandering, toonaard en laat leerlinge gepaste bewegings uittoets.

Eksperimenteer met :

Bartok: Rumanische Volkstänze

Bartok: Weinachtslieder

Granados: Danzas Espagnolas

Schumann: Album vir die Jeug

Schumann: Kinderszenen

### 7.4.3 Woorde, gedigte en kuns

1. Begin, deur leerlinge volgens die ritmepatroon van hul name en vanne te laat beweeg.
2. Woorde wat beweging uitbeeld word op flitskaarte getoon, bv. Help! Help! Ek verdrink!; Keer hom, hy is 'n dief!; borrel; molekule in 'n bottel, ens. Leerlinge improviseer bewegings n.a.v. die woorde.
3. Kort gedigte met baie beskrywende woorde kan d.m.v. bewegings uitgebeeld word.

4. Kinders kan aangemoedig word om hul bewegingpatrone op papier voor te stel, of abstrakte prente kan aan hulle gewys word en hulle moet bewegings daaruit improviseer. bv. skerp, hoekig of vloeiende lyne.
5. Aksieliedjies en sangspeletjies.
6. Kinders moet bewegings improviseer wat 'n sekere woord uitbeeld wat met 'n H begin. (hand) Die res van die klas moet raai watter liggaamsdeel dit is.
7. Bewegings van diere of speelgoed kan geïmproviseer word en die res van die klas moet raai watter dier of spelding uitgebeeld word, bv. Karnaval van die Diere - Saint Saens.

#### 7.4.4 Stories

Kort bekende of onbekende stories kan geïmproviseer of d.m.v. mimiek geïnterpreteer word. Leerlinge stel die verskillende karakters voor en improviseer bewegings volgens die verloop van die storie.

#### 7.4.5 Gebeurlikhede en Situasijs

Interessante temas wat leerlinge kan improviseer, bv.

##### 5.1 Die Orkes :

Die klank van instrumente word uitgebeeld, nie die bewegings van die spelers nie.

##### 5.2 Verandering van Seisoene :

Eksperimenteer met kleurveranderinge in die natuur en

natuurverskynsels soos wind, reën, sneeu, hitte, koue, ens.

5.3 Die Sirkus :

Bewegings word gebaseer op basiese bewegings en die kwaliteite van beweging. Verdeel die klas in groepe. Elke groep stel 'n dier of persoon in die sirkus voor.

5.4 Op 'n Wolplaas :

Maak skape bymekaar vang een, skeer die wol af, trap dit vas in die wolbaal. Improviseer 'n dans van die plaaswerkers op Baa - baa Swart Skaap se wysie.

7.4.6 Volksdanse

Volksdanse is baie belangrik, want dit dien as stimuli vir navorsing oor ander volke, kulture en tydperke. Die genot van volksdanse lê in die aktiewe deelname en groepsgebondenheid wat so 'n dans meebring. Van die vroegste tye word danse gebruik as kommunikasie-middel in werksomstandighede, rites, seremonies, tradisies en gelowe.

Kinders moet toegerus word met 'n verskeidenheid passies wat ook kenmerkend is van sekere kulture en volksdanse van verskeie lande. Individueel of in groepsverband moet hulle gemotiveer word om hul eie danse te skep en te improviseer.

H O O F S T U K 8

SPELETJIES OM KREATIWITEIT TE STIMULEER.

(7)

Hierdie speletjies is streng gesproke nie projekte nie, maar kan tot 'n projek ontwikkel wanneer dit kinders inspireer om self musiekspeletjies te skep.


1. Instrumentale gesprekke.
2. Materiaalsimfonie.
3. Middernag in 'n speelgoedwinkel.
4. Klankprente.
5. Tennisspel vir 4 snaarinstrumente en slagwerk.
6. Die Morse-kodespel.
7. Blindemol.
8. Warmpatat.
9. Tekenspel.
10. Telefoontjie.
11. Wisselspeletjie.
12. Raaisels.
13. Reaksiespeletjie.
14. Eggo-speletjie.

1. INSTRUMENTALE GESPREKKE

Twee-twee maats kan 'n gesprek voer op instrumente, hulle moet dan die verloop van die gesprek noteer, dit kan bv. soos volg voorgestel word :2 instrumente - een met 'n helder ligte klank, bv. driehoek - een met 'n laer, donker klank, bv. trom. Die gesprek verloop soos volg.

1. Vrye gedagtes word uitgeruil, gedagtes van maats kan gevarieer word. Gesprek verloop lig en skertsend, ernstig en gewigtig of vertroulik.
2. Meningsverskil ontwikkel, een hou hardkoppig by 'n idee terwyl die ander hom probeer oorreed.
3. Rusie maak - val mekaar in die rede, aksente, onderbreking. Spanning word daargestel en hoorbaar gemaak deurdat die klankgestalte van albei deelnemers kontrasterend teenoormekaar gestel word.
4. Een speler neem die inisiatief maar word deur die ander onderdruk en gekogel, swig en raak versoen met mekaar.

Notasie :




2. MATERIAALSIMFONIE

Vind voorwerpe <sup>vir</sup> instrumente van dieselfde materiaal bv. glas, hout, metaal, water, papier, sand, plastiek. Eksperimenteer met hierdie instrumente om verskillende klankeffekte te verkry. Neem dit op band, verwerk en ontleed dit, bv. Papiersimfonie.


Maak 'n lys van aktiwiteite op die bord.

1. Hou koerantpapier in die lug en skiet die vingerpunte daarteen.
2. Slaan met opgerolde papier teen jou hand.
3. Skeur 'n bladsy vinnig deur.
4. Frommel die papier op,
5. Skuur sandpapier teenmekaar.
6. Blaai vinnig deur die bladsye van 'n boek.
7. Maak 'n tregter van die papier en blaas daarin.
8. Skeur die papier met rukkerige bewegings.
9. Druk die papier teenmekaar en trek dit styf.
10. Krap teen die papier.
11. Blaas 'n kardoessak op en slaan dit sodat dit oopbars.
12. Swaai 'n stuk papier deur die lug.
13. Steek met 'n skerp voorwerp deur die papier.
14. Hou 'n bladsy horisontaal voor die mond en blaas daarteen.

Alle kinders begin met nr. 1 maak 'n . Die klas hou aan met die aktiwiteit. (baie sag). Die klas word vooraf in groepies verdeel en elke groep word dan op 'n teken van die dirigent toegelaat om verder met die aktiwiteite voort te gaan in kanon.

Wanneer die groepe nr. 14 bereik hou hulle aan met die aktiwiteit totdat alle groepe daar is. Die komposisie kan weer afgesluit word met 'n groot Crescendo waar almal op 'n teken van die dirigent hul papier opfrommel en so die komposisie afsluit.

Die klank wat op band geneem is, kan verder gebruik word in 'n komposisie, bv.



Dirigeerstokkie : die dirigent beweeg die dirigeerstok vertikaal oor die hele partituur waarvolgens die klas (wat in groepe verdeel is volgens die klank wat voortgebring word) improviseer.

3. MIDDERNAG IN 'n SPEELGOEDWINKEL

Die klas word in 2 groepe verdeel, een groep kan die musiek improviseer terwyl die ander groep bewegings improviseer. Klein verdelings in die groep word gemaak t.o.v. die instrumente en karakters.

Die horlosie slaan twaalfuur. (simbaal of metallofoon)

Speelgoeddose gaan stadig oop. (rasperstokke of quiros)

Dan verskyn : 'n blik soldaat. (papiertrompet en trom)

'n ballerina poppie. (glockenspiel)

'n teddiebeer. (grom geluide en xilofoon speel 'n dansie)

speelgoedtreintjie. (mondklanke, skuurblokkies, ritme-  
stokkies)

'n houtperdjie. (houtblokkie, kokosneutsimbale)

'n hasie. (klokkies)

'n voeltjie. ( s - m op 'n blokfluit/glockenspiel)

'n donkie. (d' - d op 'n xilofoon)

'n nar. (tamboeryn)

Leerlinge wat die karakters voorstel moet bewegings improviseer n.a.v. die klanke van die instrumente wat hul begelei. Die leerkrag kan die improvisasie lei d.m.v. flitskaarte waarop tekening van die speelgoed aangebring is.

Die horlosie slaan een, (simbaal) alle speelgoed hardloop terug na hul dose en met 'n kraakgeluid (rasperstokke) gaan die dose toe en is dit weer doodstil in die winkel.

Luister na dele uit : "Neutekrakersuite" van Tsjaikofski.

: "Karnaval van die Diere" van Saint Saëns.

: "March of the Toys" van Herbert.

: "Speelgoedsimfonie" van Haydn.

4. KLANKPRENTE (6 - 7 jr.)






Klas word verdeel in groepe van 4, elk ontvang 'n stuk papier waar-  
op hulle 'n tekening moet maak van 'n sekere toneel en dit vokaal of  
instrumentaal mimies uitbeeld, bv. aandete, op die plaas, onweer,  
nag in die woud, op die hawe, ens. Elke groep dra voor - ander  
bespreek dit.

Byvoorbeeld :

Op die Hawe.


Grafiese voorstelling van 'n hawetoneel. Drie stoombote wat hulle  
onderskei deur verskillende toonhoogtes te blaas. Hoeveel keer toet  
elke stoomboot ? Watergeklots en seëmeue wat skree, word die heel-  
tyd gehoor.

37

Seëmeue	
Stoomboot 1	
Stoomboot 2	
Stoomboot 3	
Watergeklots	

Aandete

38.



1. Gekrap op houtoppervlak - stoel.
2. Papier wat deurgaans gewaai word stel die tafeldoek voor.
3. Kombuisgereedskap kan gebruik word om die klanke voor te stel  
bv. messe, vurke, borde, lepels, botterbakkie, suikerpot,  
vokale klanke om stoom voor te stel, melk in die beker asook  
die miaau van die kat.

5. TENNISPEL VIR 4 SNAARINSTRUMENTE EN SLAGWERK

Agt leerlinge word betrek in hierdie speletjie. Maats sit 2 - 2 teenmekaar soos op 'n tennisbaan Span A en Span B. 'n Dirigent dui met sy vinger die vlug van die bal van die een speler na die ander aan. Die geluid van die bal wanneer dit die raket tref word aangedui deur die pluk van 'n snaar sodat dit teen die brug vasslaan. Die spelers moet reageer volgens die vlug van die bal asook, wanneer die bal tref. Wanneer 'n speler die snaar te laat of te vroeg pluk, kry die ander span 'n punt. Die telling skuif aan tot 6 en dit word deur twee simbole aangekondig, bv. gestel die telling is 5 - 3 dan speel die een speler 5 slae op die groot simbaal en 'n ander speel 3 slae op 'n kleiner simbaal. 'n Tweeton houtblok of 'n trommetjie kan deurlopende kommentaar lewer op die spel.

6. MORSE-KODE

Leerlinge ontwerp hul eie morse-kodes en 'n lys van die kodes word in die klas aangebring. Leerlinge kan in groepe of 2 - 2 maats speel deur met 'n vinger of 'n potlood op die bank te tik. Instrumente kan ook gebruik word. Woorde moet met pouses tussen die letters gedikteer word. Aanvanklik kan die leerkrag 'n woord dikteer wat deur die hele klas ontsyfer moet word. Speletjies kan ook in groepsverband gespeel word deur te kyk watter groep eerste die woord ontsyfer.

A	• —	N	— • •
B	—	O	• •
C	— •	P	— —
D	• — •	Q	— • —
E	•	R	— — •
F	• • — •	S	• • •
G	• • — • •	T	• — —
H	• • • •	U	• • —
I	• — — —	V	— • • •
J	• — • —	W	• • • —
K	• — • •	X	— • • • —
L	• — • • —	Y	• — • — •
M	• — • • — •	Z	— • • —

Bv. (•••—) (•—) (•—•) (•) (—•) - Water

Gebruik ook ander seinmateriaal bv. flitse, die lig, aksies, mimiek, ens. Morse-kode kan ook van buite die klas gesein word d.m.v. optiese of akoestiese materiaal.

'n Morse-konsert kan gehou word deurdat verskillende groepe instrumente woorde of sinsnedes gelyktydig sein, of in kanon-, of in Rondo vorm. Bewegingspatrone kan ook volgens die kode uitgewerk word.

7. BLINDEMOL

'n Leerling se oë word toegebind en word deur klank begelei tot 'n sekere punt sonder dat hy oor hindernisse val. Die betekenis van akoestiese leidrade word vooraf vasgelê, bv.

1. Stilte : gaan met die ingeslane rigting voort.
2. Klank : moet staan omdat daar 'n hindernis is. Wys in verskillende rigtings totdat 'n
3. crescendo aandui dat hy in die nuwe rigting kan voortgaan.

Twee of drie leerlinge kan gelyktydig geblinddoek word en word dan deur verskillende klanke begelei, bv. leerling 1 : vokale klank

leerling 2 : instrumentale klank

leerling 3 : krap geluide op 'n velbedekte instrument.

Om botsings te voorkom moet ander klankteken gebruik word bv. stop - een slag op 'n simbaal. ; gaan voort - twee slae op 'n simbaal.

#### 8. WARMPATAT

Iets word in die klas versteek. Leerlinge wat daarna soek het elk 'n begeleier wat hom op 'n instrument of vokale klank begelei in sy soeke.

Vinniger of stygende klank - word warmer

Stadiger of dalende klank - word kouer.

#### 9. TEKENSPEEL

Een of meer leerlinge se oë word toegebind. Hulle moet verskillende vorms (sirkels, driehoek, vierkante, ens.) op die bord kom teken na aanleiding van verskillende klanke.

bv. legato klank - opwaartse lyn ↑

staccato klank (•••) afwaartse lyn

afgaande passasie ↘ horisontale lyn na links (←)

opgaande passasie ↗ horisontale lyn na regs (→)

Klas word in 4 groepe verdeel wat bogenoemde klanke improviseer - instrumentaal of vokaal.

'n Dirigent dui die vorm wat geteken moet word d.m.v. 'n flitslig op die bord aan. Die begeleiers moet die ligkol volg om te weet watter klank hulle moet improviseer sodat die tekenaars die akoestiese leidrade kan volg. Die klanke kan ook gekombineer word, bv. 'n legato klank en afgaande passasie sal ↘ (opwaartse lyn) tot gevolg hê.

10. TELEFOONTJIE

'n Boodskap word ritmies oorgedra (••—). Die leerlinge word in verskillende dele van die klas geplaas, 'n paar kan ook buite geplaas word. Die boodskap word dan van een na die ander leerling oorgedra totdat die laaste die boodskap op die bord moet skryf.

bv. Boodskap

Antwoord

• ••• •

• ••••

Verkeerd

•• •

•• •

Korrek

Leerlinge kan ook deur tongklap die boodskap in die klas van een na die ander oordra.

Tekens kan ook gegee word vir verskillende ritmepatrone.










- bv.    ——— • •                    = draai in die rondte
- • ——— •                    = hand in die sy staan
- • •                            = hand op die kop
- • •        ———                = met die vuis in die ander handpalm slaan




11. WISSELSPELETJIE

'n Aantal simbole wat genommer is, word op die bord aangebring. Vier leerlinge kry gelyktydig die geleentheid om een van die simbole deur middel van aksies, instrumentale spel of vokale klank uit te beeld. Die res van die klas moet raai watter simbool uitgebeeld word. As 'n leerling dink hy weet wat uitgebeeld word, sê hy dit aan die betrokke leerling. As dit korrek is, kry hy die geleentheid om 'n simbool voor te stel. As hy egter verkeerd is, moet hy weer na sy plek teruggaan.

Die volgende simbole kan op die bord geplaas word.

39.

- 1.    
- 2.    
- 3.    
- 4.    
- 5.    
- 6.    
- 7.    
- 8.    
- 9.    



12. RAAISELS

Speel op 'n instrument, die klas moet raai watter instrument gebruik is, van watter materiaal dit gemaak is en die manier waarop die klank voortgebring is.


Verdeel die klas in groepe, 'n groep speel met dieselfde instrumente op verskillende speelwyses, 'n ander instrument kom by - die ander groep moet raai watter instrument bygevoeg is.

13. REAKSIESPELETJIE

1. Kinders beweeg in verskillende rigtings as reaksie op verskillende instrumente, bv.

driehoek : stap vorentoe (hardloop)  
trom : stap agtertoe (huppel)  
simbaal : stap links (glypas)  
tamboeryn : stap- regs (spronge)

2. Leerlinge improviseer op verskillende instrumente met verskillende speelwyses.

'n Ander groep moet reageer deur een tree vorentoe te gee op 'n vasgestelde patroon (bv.  ).

Indien hulle op 'n verkeerde plek reageer moet hul een tree terug tree. Die leerling wat eerste by die muur is, improviseer verder. By verandering van spelers, moet die akoestiese teken waarop hul beweeg, ook verander.

14. EGGO-SPELETJIE

Die klas word in twee groepe verdeel. Elke groep ontvang presies dieselfde instrumente maar het geen oogkontak met mekaar nie.

Groep A kry die geleentheid om individuele klanke te maak, maar moet probeer om dit so te vervreem dat Groep B die instrument nie kan uitken nie. Groep B moet dan die klank naboots. Indien dit die regte klank en instrument is, kry Groep B 'n punt. Na vyf pogings kry Groep B weer die geleentheid om klanke te improviseer en Groep A moet dit naboots. Die span met die meeste punte het gewen.

## H O O F S T U K

### Projekte en kreatiewe beluistering

#### .1 INLEIDING

Die beplanning van projekte moet deeglik gedoen word en met spesifieke doelstellings en doelwitte voor oë.

'n Algemene agtergrondstudie word gemaak van die spesifieke projek wat beplan word. Voldoende stof waaruit leerlinge take moet voorberei moet beskikbaar wees asook materiaal vir selfvervaardigde instrumente - 'n Goeie bandopnemer moet beskikbaar wees.

Films, beluisteringsmateriaal asook 'n verskeidenheid liedere wat oor dieselfde onderwerp handel, is noodsaaklik. In elke projek moet die leerlinge aangemoedig word om :

1. Tonele te dramatiseer of bewegings en dansies uit te werk volgens die musiek waarna hul geluister het of musiek wat hul self geskep het.
2. 'n Liedjie te komponeer oor die onderwerp.
3. 'n Gedig of storie oor die onderwerp te skryf of 'n bestaande gedig of storie te soek en dit dan te verklank en te dramatiseer.
4. Ikoniese voorstellings te maak van die beluisteringstukke.

In Hierdie hoofstuk word slegs enkele idees bespreek wat eksperimenteel oor 'n spesifieke onderwerp gedoen kan word.

Waar moontlik word elke onderwerp bespreek n.a.v. :

- 1) moontlike take wat aan leerlinge opgedra kan word.
- 2) interessante dinge om te doen.
- 3) kreatiewe musiek om te improviseer.
- 4) beluistering oor die spesifieke onderwerp.
- 5) liedere wat oor die onderwerp handel.

## 9.2 GODSDIENS

### 9.2.1 Die Skepping :

#### 1. Taak :

Gebruik al die versies waarin melding gemaak word van musiekinstrumente in die Bybel. (Klas kan in groepe verdeel en 'n aantal boeke of hoofstukke kan aan elke groep gegee word). Prente van die instrumente help met die maak van die instrumente.

#### 2. Gedeeltes in die Bybel waar daar oor feeste, oorloë, atmosfeeruitbeelding ens. geskryf is, word gebruik. Die klank- of bewegingsmoontlikhede word bepaal en eie komposisies word geskep.

#### 3. Die Skepping Gen. 1 :

Die dae van die skepping word op die bord geskryf asook dit wat op die betrokke dag geskep is. Klankmoontlikhede word geskep, bv. Woës en leeg, duisternis, waters, chaos.

1<sup>e</sup> dag : lig - (fluitgeluid van natvingers op die rand van 'n wynglas).

2<sup>e</sup> dag : uitspansel - (ghong baie sagte tremelo)

3<sup>e</sup> dag : aarde, see, plante - (Keteltromme, metallofoon met vibreerkaart, sade, skulpies, marakkas, ens.)

4<sup>e</sup> dag : son, maan, sterre - (driehoek, vingersimbale, simbale)

5<sup>e</sup> dag : voëls, seediëre - (glockenspiel (s-m), voëlgeluide, fluite).

6<sup>e</sup> dag : diere op aarde, mense - (diergeluide - Vers 31)



	VII	20"
Almal	alles wat Hy gemaak het	
Seuns	en dit las baie goed	
Dogter	En dit was aand	
Seun	en dit was môre	
Almal	die sesde dag	

9.2.2 Feesmaal van koning Bêlsasar <sup>(8)</sup> (Daniël 5: 1 - 6 en 25) :

Die Bybelse geskiedenis van die feesmaal van koning Bêlsasar bied talryke moontlikhede van akoestiese effekte en 'n vrye verloop vir improvisasie.

Aanvanklik kan prikkelende woorde op die bord geskryf word - jubelende, jolyt, geluide van besopenes, gillende laggies, sugte, kreune, glansryke, betowerende, veelkleurige fantasieë, ens.

Die atmosfeer wat uitgebeeld word, kan aanvanklik begin in 'n vakansiestemming maar moet gekarakteriseer word deur 'n toenemende vertroebeling van die klankstruktuur. Parallel hiermee gaan die aanvanklike uitgelatenheid wat heenwys na die komende katastrofe.

8. Kohlmann, W., Projekte im Musikunterricht, p. 48.

Teen hierdie agtergrond word die Bybelteks woordeliks deur 'n voordraer ekstasies voorgedra. Dit word ondersteun deur 'n dubbëlkoor waarvan een die teks verder ondersteun terwyl die ander deel waarskuwend reageer. Die teksbehandeling moet van 'n verstandige voorlees na 'n ineenstorting van spraak nl. 'n gehakkel en gestamel oorgaan om te eindig in 'n musikale vertolking van die woorde in vers 25. "Mené, mené tekél ufarsin".. Die teksvoordrag moet die bogenoemde klank-toneel van die fees oorskadu.


'n Derde klankbeeld, nl. die aanvanklike ritmiese, danserige musiek, soos oosterse ontspanningsmusiek, waarvan die ritme al meer vervaag, moet ook daargestel word.

Bogenoemde klank verdwyn en word ligter om in vers 4 on-  
onderbroke die "gode van goud en silwer, koper, yster, hout  
en klip" uit te beeld d.m.v. verskillende metaal-, hout- en  
"klip"instrumente.

Die speeltegniek verander ook vanaf vers 5. Waar instrumente vroeër oorwêgend geslaan is, gaan die speelwyse oor in 'n vryfaksie totdat die klank geleidelik oorgaan in 'n skryfgeruis met "Mené, mené tekél ufarsin".

Die klank word toenemend homogeen wanneer die vryfgeruis oorgaan in 'n sagte skryfgeruis. Alle beweging en klank kom tot stilstand en 'n skokreaksie tree in.

Die klankbeeld kan voorgestel word, bv.



As inleiding <sup>tot</sup> die feesmaal kan 'n toneel met 'n oosterse agtergrond in 'n woestynlandskap geïmproviseer word.

Dit begin met 'n rustige legato vokale klank. Dit werk op na die fees, bv. woestynwind, handelaars uit die verte, woestyndiere, insekte, hitte, 'n karavaan wat verbykom. 'n Gedig wat handel oor die aanjaag van kamele kan deur leerlinge voorgedra word :

bv. Wala baka, aki bomba :  
scharu hulla muka sami :  
Hübo! Hübo! saka humba :  
Musa, susa mufki bumbä :  
Haua haua : Nu, na Musa!  
Hupp, Golo, aki!

Hei, hei, tschaka heissa :

Labaku, labakos : ratsch. (9)

Die klank begin baie sag in die verte, die karavaan kom stadig nader, uitroepe en die stem van die kameeldrywer word gehoor. Instrumente wat die sweepklap en klap van pote naboots kom by en verdwyn weer. Gaste kom aan uit verskillende rigtings. Trompette en uitroepe kondig hulle koms aan.

Aanbieding :

Die voorgestelde stuk kan met hoërskoolleerlinge gedoen word aangesien die uitdrukkingsmoontlikhede meer gevorderde werk is.

Beluistering :

1. Haydn : Die Skepping.
2. Hovhaness : And God Created Great Whales.
3. Penderecki : Kain en Abel.  
Penderecki : Lukaspasie.
4. Ussachevsky : The Creation Prologue

Liedere :

Psalms en Gesange

The Pilgrims - Ex. Mus. Vol. V p. 213.

The Caravan - Ex. Mus. Vol. VI p. 134.

9.3 GESKIEDENIS EN AARDRYKSKUNDE

9.3.1 Ontwikkeling van meganika :

1. Taak :

'n Taak word saamgestel oor die ontwikkeling van meganika gedurende die E 18.

2. Die klanke van hedendaagse masjiene word opgeneem.

3. Klanke vir die improvisasie :

- |                                     |                     |
|-------------------------------------|---------------------|
| - Naaimasjien                       | - Houtblokkie       |
| - Tikmasjien                        | - Marakka           |
| - Ysterwiele vir treine             | - Simbaal           |
| - Sementmengers                     | - Skuurblokkies     |
| - Stoommasjiene                     | - Vokale klank      |
| - Boormasjien                       | - Marakka           |
| - Stoomboot                         | - Tuinslang trompet |
| - Stoommeule                        | - Vokale klank      |
| - Skroef by vliegtuie               | - Driehoek          |
| - Grasenjin                         | - Vokale klank      |
| - Telegraafseine                    | - Ritmestokkies     |
| - Ingelegde groente of vrugte, ens. | - Slaan op 'n ghong |
| - Hidroliese pers                   | - Wapperborde       |


9.3.2 Verskillende tydperke :

1. Taak oor die hoof tydperke in die musiekgeskiedenis.

2. Instrumente van die verskillende tydperke.

3. Musiek van verskillende tydperke word op aparte bande geneem - komponeer met die klank.

Neem dit dan weer op 'n ander band en evalueer die eindproduk.



Populêre musiek word ook nie uitgesluit nie. Die leer-  
krag soek na moontlikhede om populêre musiek as middel  
tot 'n doel te gebruik. Ondervinding het bewys dat rock,  
jazz en ander populêre style doeltreffend gebruik kan word  
om basiese musiekkonsepte te evalueer. Die elemente van  
harmonie, melodie, ritme, toonkleur en vorm kan bespreek  
word n.a.v. populêre musiek. Die leerkrag se belang-  
stelling in die "gunsteling" musiek van die kind kan lei  
tot 'n ervaring wat nie altyd duidelik ondervind word  
t.o.v. ander musiek nie.

- 4. 'n Paar radios op verskillende stasies se klanke t.o.v. dinamiek en klankverskeidenheid kan ook 'n projek wees.

9.3.3 Geskiedkundige gebeure :

Die geskiendenis- en aardrykskunde - onderwysers kan die musiek- onderwys vertel watter onderwerp hulle van plan is om te handel en saam kan hulle dan 'n klankprojek oor die onderwerp aanpak, bv.

Geskiedenis.

Egipte:

42.

1. Woestyn

2. Piramide  
Vokale op oec

3. Suggerer slawe  
wat piramides  
bou

4. Nylrivier  
(Kruan wat loop)

5. Tempel  
(vokale klanke)

6. Hammura bi  
Nebukadneser

Aardrykskunde.

Vrystaat: Komposisie waar verskillende voorwerpe die uitgestrekte vlaktes onderbreek bv. heining, boom, huis graansuiers, rivier, heuwel, voëls, ens.

43.

Boom    Heuwels    Huis    Heining    Graansuier    Voëls    Rivier

Die klas sing die woord wat visueel voorgestel word terwyl 'n

kleiner groepie leerlinge die uitgestrekte vlakke, d.m.v.  
enkeltoon of toontros, suggereer.

Beluistering

1. Beethoven, L. : Egmont Overture.
2. Gould, M. : American Salute.
3. Menotti : Amahl and the night visitors.
4. Milhaud, D : The Chimney of King René.
5. Penderecki, K. : Threnody for the Victims of Hiroshima.
6. Phile, P. : The President's March.
7. Sibelius, J. : Finlandia.
8. Stravinsky, I : The Soldier's Story.  
Stravinsky, I : In Memoriam Dylan Thomas.
9. Tsjaikofski : 1812 Ouverture.

Liedere

Volks- en Vaderlandsliedere uit die FAK.

9.4 OMGEWINGSFAKTORE

9.4.1 Die See :

1. Taak :

Neem 'n wêreldkaart en toon daarop waar verskillende oseane lê, seestrome, golwe, hoeveel oppervlakte die see beslaan, interessante diere, visse wat in die see leef, ens. Die ander groep kan prente versamel van films wat oor die see of seediere gaan, bv. "Orca the Whale", "Jaws", ens.

2. Verskillende skulpies wat langs die see lê, word in 'n plastiese- of glasbottel of kardoessak gegooi en na die klanke geluister.

Eksperimenteer met klankmoontlikhede van plante wat uitgespoel het.


Die geruis van die branders, branders wat teen rotse breek, skreeu van seevoëls, wind, ens. word op band geneem.

Die bewegings van seeplante en diere in klein poeletjies word bestudeer.

'n Besoek aan 'n akwarium kan gereël word.

3. Projek:

44.





= Wolke : trek die vingers oor die snare van die klavier. Hou die regterpedaal af gedurende die stuk. Hoe groter die wolke, hoe harder die klank.



= golwe op die see : sagte slanners speel 'n tremolo op 'n simbaal of ghong n.a.v. die deining van die branders.



= vissies : vokale klank wat varieer in toonhoogte volgens die lyne.



= 'b'orreltjies : glockenspiel wat 'n stygende stakkato-passasie speel.



= driehoeke en vingersimbale.



= krap : xilofoon speel 'n dalende tremolo-passasie.



= Seester : Waterbottels



= seegrass : Metallofoon met 'n vibreerkaart.

#### 4. Beluistering :

Claude Debussy : La Mer

F. Mendelssohn : Hebrides Overture (Fingal se grot)

Respighi : Fonteine van Rome.

5. Liedere :

Shanties uit Pentatonic Songbook I and II.

Seagulls. - Ex.Mus. Vol. V. p. 178.

Deep Blue Sea. - NDM Vol. VIII. p. 242.

Starfish. - NDM Vol. IV. p. 42.

Hoe sag gly ons bbotjie. - FAK.p. 213.

9.4.2 Stad/Dorp :

1. Taak :

Die geskiedenis en ontstaan van die stad/dorp waarin hulle bly word opgelees. Geskiedkundige persone, plekke en gebeure word aangehaal. Beplan 'n brosjure vir toeriste van u dorp/stad.

2. Op 'n kaart van die dorp, word die vernaamste plekke aangedui. Die geluide van 'n stad bedags of in die aand word opgeneem en fabriek, brandweerstasie, poskantoor, besienswaardige plekke word besoek.


3. Die Projek :




Kaapstad

1. - Hawe : sch-sch klanke en klank van 'n mis-horing deur trompet.
2. - Kasteel : Metaalinstrumente - kanonskote op groot trom.
3. - Tafelberg : Vokale klank word gelei deur die kontoerlyn.

Die Projek :

45



4. - Stadsaal : Simfonie-orke - 'n fluit gee die stem-  
toon - alle instrumente improviseer.
5. + 14. - Seevoëls : geluide van 'n nat kurkprop wat  
teen 'n bottel getrek word.
6. - Parade : Uitroepe van groente-, vrugte- en  
blommeverkopers.
7. - Tuine : Voëls en duiwe nageboots op waterfluite,  
glockenspiel en bakhande.
8. + 13. - Perdekar : Kokosneutdoppe en runnik van 'n  
perd.
9. - Grootte Kerk : Speel 'n dalende toonleer op 'n  
glockenspiel, slaan die ure op  
die laagste noot.
10. - Stasie : Blockfluit en houtblokkie.
11. - Robbeneiland : Sch-sch klanke, marakkas en  
skuurblokkies.
12. - Strandbeelde : Verskillende groottes simbale  
word gebruik, begin by grootste  
en bou die klank op.
-  - Motor : word dwarsdeur die stuk gehoor :  
vokale klanke - brrrrr.
-  - Robot : Opwen van 'n wekker.
-  - Oorbbrug : Triller op 'n simbaal - suggereer  
die skaduwee.

4. Beluistering :

Copland : Quiet City

Williams : A London Symphony

Respighi : Pines of Rome

Gershwin : An American in Paris

Byrd and Macero : "Blues for China"

Stravinsky : Palace of the Chinese Emperor

Ives, C : Washington's Birthday

5. Liedere :

My vader kom van Riversdal - FAK p. 368

Waar Tafelberg begin - FAK p. 6

Nou is die Kaap weer Hollands - Anton Goosen

Streets of Laredo - Ex Mus. Vol. VI p. 19

9.4.3 Insekte en Voëls :

1. Taak :

Diere, voëls en insekte wat voorkom in die omgewing asook die tyd van die jaar wanneer hul die meeste gehoor en gesien word, word betrek.

2. Geluide van voëls en insekte word op band geneem. Die toonhoogte en ritmepatrone van hierdie geluide word vasgestel en verwerk in 'n komposisie.

3. Projek :

Swaeltjies : *eeeeeeeee*

Springkane : *mmmmmmmm*

Bye : *o-o-o-o-o*

Muskiete : *.....*


Vlieë : *x x x x x x x*

Voëlgesang : *" " " " " " " " " " " "*


Paddas : *~~~~~*

Improviseer met vokale klank.

46.



Grafieke kan ook volgens insekte se geluide gedurende die dag gemaak word en dan geïmproviseer word, b.v.



Bye : -----

Sonbesies : \_\_\_\_\_

Voëls : ~~~~~~

4. Beluistering :

Bartok, B : Dagboek van 'n Vlieg.

Beethoven, L : Pastorale Simfonie. (2<sup>e</sup> beweging)

Britten Benjamin : Noye's Fludde. (nabootsing van 'n duif)

Liadov : Dans van die Muskiet.

Messiaen Olivier : La catalogue des oiseaux.

Le réveil des oiseaux.

Oiseaux exotiques.

Chronochromie.

Rameau : "La Poule" (Die Hen)

Ravel : L'Enfant et les Sortilèges. - "Andante"

Respighi : Suite. Die Voëls.

Rimsky Korsakov : Vlug van die Hommelby.

Sagreras : El Colibri. (The Humming Bird)

Saint Saëns, C : Voëlhok, Swaan uit Karnaval van die  
Diere.

Stravinsky : The Owl and the Pussycat.

In al bogenoemde werk maak Messiaen gebruik van die nabootsing van voëlgeluide.

5. Liedere :

Soem Soem Soem - FAK.p. 121.

Ou Paddatjie - FAK.p. 128.

The Mosquito - SB IV p. 95.

Mister Fly - SB I p. 52.

The Flea and the Mouse - SB I p. 119.

The Cricket's Song - SB I p. 46.

Fire Fly - Ex Mus Vol. II p. 129.

The Cuckoo - Ex Mus Vol. II p. 5.

The Owlet - Ex Mus Vol. V p. 154.

9.4.4 Diere :

1. Taak:

Die klas maak 'n plakboek oor diere met die volgende inhoud: troeteldiere, wilde diere, sirkusdiere, prehistoriese diere, plaasdiere, diere wat in sport gebruik word (perde, bulle, hoenders, duiwe, ens), films wat oor diere handel, seëls waarop diere voorkom, ens.

2. Interessante dinge om te doen :

'n Besoek word aan 'n dieretuin en plaas afgelê en alle geluide van diere wat teëgekomp word, word op band geneem, verwerk en later in musiekstories of komposisies oor diere, gebruik. Na 'n besoek aan 'n sirkus kan die bewegings van die diere in eie improvisasies omskep word.


3. Besoek aan 'n Dieretuin :

Groep kinders : Houtblokkies wat spesifieke ritme speel,

bv. 

Groep 1 : Wildekatte	Groep 8 : Wildehoenders
Groep 2 : Leeu	Groep 9 : Skape
Groep 3 : Wilde-eende	Groep 10 : Hase en Muise
Groep 4 : Wildehonde	Groep 11 : Renoster
Groep 5 : Wildevarke	Groep 12 : Wildemakoue
Groep 6 : Olifant	Groep 13 : Voëltjies en Bye
Groep 7 : Gorilla	

Die kinders stap van een hok na 'n volgende en vertoef 'n aantal sekondes daar. Groep 13 speel op 'n teken van die dirigent. Wanneer hulle al die hokke besoek het en aanstap na die hek toe, speel al die groepe gelyktydig.



4. Beluistering :

Elgar : Enigma Variasies. ('n Blaffende hond in No. 4)

Haydn : Uittreksels uit die "Skepping"

Mc Dowell : The Shoemaker and the bear.

Prokofieff : Pieter en die Wolf.

Ravel : L'enfant et les sortilèges. (nabootsing van 'n kat).

Rossini : Cats duet.

Saint Saëns : Karnaval van die Diere.

Thomson : "Cattle" from The Plow that Broke the Plains.

Vivaldi : The Seasons - Spring. (hond)

5. Liedere :

Daddys take us to the zoo - Sturman p. 33.

The animals went in two by two - Sturman p. 33.

Kolperd - Tradisioneel.

Hop Hop Hop - FAK.

Eendjies eendjies - FAK.

Mister Rabbit - SB II p. 263.

Three little pigs - SB I p. 149.

Donkeys and Carrots - Ex Mus. Vol. III p. 60.

9.4.5 Natuur :

5.1 Plante :

1. Taak :

Kinders versamel enige interessante vorms wat hul in die natuur vind soos blare, boombas, boomstomp, blom, klip, skulpies, ens. In die klas word dit dan op 'n plakkaat aangebring.

2. Leerlinge ontleed bogenoemde deur 'n vergrootglas en trek die patroon wat hulle waarneem op 'n papier af. Verskillende kleure, skryfgoed, (bv. potlood, pen, waskryt, houtskool, potloodkryt, ens) asook tipes papier of materiaal word gebruik om die lyne, kleure, kolle, kurwes, ens. vas te lê.

Daarna word die eindproduk ontleed :

- 2.1 Reëlmatigheid/onreëlmatigheid t.o.v. geheelbeeld - ritme-suggereer klank en stiltes.
- 2.2 Is daar 'n definitiewe gevoel van 'n oorheersende kleur - klankkleur, watter instrumente gaan gebruik word.
- 2.3 Kolle, sterk lyne of lyne wat uit 'n sentrale punt loop, dun delikate lyne - Solo-instrumente wat legatolyne speel of staccato, ens.

48



Die patroon is ontwerp n.a.v. die bestudering van 'n swam. Die oorspronklike patroon is in bordkryt en houtskool gedoen en gebruik as verklankingspatroon.

Die sig - sag lyne word verklank deur 'n kort ritmiese ostinaat deur 'n bamboesslag en voetstamp.

Die ligte en donker kurwes wat uit die sig - sag motief vloei, word verklank deur 'n triller op die tamboeryn, vokale klanke en die kitaar, wat grafies op die partituur aangedui word. Om hierdie voorstelling te verklank word die hoogste en laagste snare van die kitaar baie slap gestel. Terwyl die snare gepluk word, word die stelskroef vinnig aangedraai en laat skiet - sodoende word 'n glissando-agtige tipe klank deur die snaar veroorsaak. Hierdie tipe effek word aan die einde herhaal deur die woord d'lan vokaal te verhuig.

Geen tempoverandering kom in die komposisie voor nie en dit eindig net so skielik soos die visuele beeld.

49.

MM ♩ = 144

Bamboo Foot tap

Tambourine

Voices (mixed)

Guitar (wire strings)

*mf*

Whoo—

*mf* *f*

Whoo— Whoo— Turn tuning peg

*p*


*mf*

*f*

d'lan, d'lan, d'lan, d'lan, d'lan, d'lan,

Interessante lyne in die natuur om mee te eksperimenteer.

'n Doringtak :




Droë stompe :

50.




Leë eierdoppe op 'n spieël

51.



Ontwerp :



Daar kan met 4 tipes klank geïmproviseer word.

bv.

1. 

- Yl vokale lyn

2. 

- Hangertjie in die wind van

skulpies kan geblaas word vir

klankeffek.




- tremolo - effek op water-  
bottels in dalende en stygende  
toonhoogtes .




- Snaarinstrument waarvan die  
geplukte snaar met die stel-  
skroef slapper of stywer ge-  
stel word.

Die tekstuur van 'n plankvloer.




Ontwerp:



Ses melodiese instrumente kan gebruik word om ogenoemde  
patrone te speel. Die improvisasie begin deur in verskillende  
registers te begin totdat die klanke op 'n punt ymekaar kom.

In Ertjie of Boontjie




Ontwerp:



Eksperimenteer met 'n toontros en dinamiek.


Die skelet van 'n blaar

53.



Blomme.

54.



5.2 Water :

1. Taak :

Prente van water soos dit in die natuur voorkom word versamel. Dit kan wees see, dam, reën, wolke, fontein, rivier, waterval, sproei, ens. Vind uit hoe reën ontstaan.


2. Opnames van die klank van water in die natuur, bv. reën, waterval, rivier wat sterk loop, fontein, ens. word gemaak. Opnames word in die klas gemaak van klank van water, bv. water uit 'n kraan, blaas met 'n strooitjie onder in 'n glas water, gooi water uit 'n bottel, gooi water heen en weer in twee glase, gooi water in 'n metaal kom, slaan teen die kom en maak 'n roerbeweging met die kom, gorrel met water, fors water deur 'n spuit ens.

Die patrone wat water maak as daar 'n klip in 'n stil poel gegooi word, met 'n stok patrone op stilstaande water getrek word of patrone wat veroorsaak word deur watergoggatjies op die watervlak, ens., word bestudeer.

3. Klankeksperimente :

3.1 Patroon van vloeiende water om 'n stilstaande stok.

55.




Die klank van lopende water wat op band geneem is, of indien daar 'n wasbak in die lokaal is, kan die kraan ooggelaat word, word as agtergrond klank gebruik.

'n Nat vinger oor die rand van 'n dun wynglas getrek, suggereer die sirkels.

Ander lyne word deur baie sagte, yl vokale geïmproviseer. Dit begin as 'n klein toontros en word versteur deur 'n voorwerp. Dit kan gedoen word deur met 'n groot sagte hamer op die lae register van 'n klavier se snare te slaan terwyl die regterpedaal gebruik word om die klank in die lug te laat hang. Die klank kring dan wyer uit in toonhoogte en volume om weer later saam te smelt in 'n toontros.

3.2 Water op 'n vibrerende plaat<sup>(10)</sup>



Die swart - omlynde deel is uitgehaal en verder ontwerp en verwerk vir 'n 10 stemmige komposisie.

10. d'Arbeloff, N. : Designing with Natural Forms. p. 20, 22.

56.

### Close-up of Vibrating Water: Detail No.1, For ten voices humming

VOICE 1 (Soprano)

VOICE 2 (Tenor)

VOICE 3 (Counter-tenor)

VOICE 4 (Alto)

VOICE 5 (Mezzo-soprano)

VOICE 6 (Alto)

VOICE 7 (Contralto)

VOICE 8 (Baritone)

VOICE 9 (Bass-Baritone)


VOICE 10 (Bass)

HOLD

Try performing at various speeds (E.G. Each bar represents 5 seconds)

N/A May 1971

3.3 'n Storm op die see (11)



Groep 1 - Branders : Tremolo spel op simbale, ghong en tromme met vilt-hamers. Dinamiek is soos voorgestel op prent.



Groep 2 - Sproei en Skuim : Glockenspiels en driehoeke, speel met harde slanners, kort en vinnig.



Groep 3 - Klippies en Sand : marakkas, skuurblokkies, krale op klippies binne-in 'n trom ronskuif.




Groep 4 - Die wind : Schh, hoeew klanke baie asemrig-of blaas oor die bek van 'n bottel, dinamiek word ingevoeg volgens die simbool.



Groep 5 - Reën : Speel met harde slanners op 'n xilofoon, vingers tik op die bank, klokkies, ens.



Groep 6 - Wolke : Trek die vingers of sagte slaner oor die snare van 'n klavier, hou die regterpedaal af. Hoe groter die wolk, hoe harder die klank.



3.4 Improviseer 'n storm :

Die ontstaan van 'n storm word bespreek. (Daar is die begin, die ophou, die tierende storm en dan sterf dit weer weg). Skryf kernwoorde op die bord, bv.

Wind - krap met vingernaels op die vel van 'n trom

Donderweer - wapperborde of triller op 'n trom.

Onrustige diere - vokale klank van honde, katte, hoenders, eende en alle plaasdiere.


Deure wat toeklap - klap die deur toe of slaan met 'n liniaal op die bank.

Takke wat kraak - skeur papier of breek 'n droë tak.

Blitse - simbale.

Reën - klokkies/trommel met vingerpunte (vingerhoede op) op die tafel.

Hael - klappers/kokosneutvingerkastanjette.

Die storm word op bånd geneem terwyl die leerkrag of 'n leerling voorgaan as dirigent met  as geheelindruk. Terwyl die kinders luister, word hul werk geëvalueer.

3.5 'n Rivier :

Oorsprong : Borrel-klank in 'n glas water/blokfluite.  
(vinnig en sag.)

Stroompie : dieselfde as bogenoemde, harder en stadiger  
voeg 'n melodie by.

Wyer stroom : Herhaal die melodie, voeg akkoordbegeleiding by, bv. kitare.

Rivier : 'n Nuwe melodie deur blokfluite, volle orkestrasie.

Waterval : Simbale, driehoeke en tromme.

Rivier : Melodie bereik 'n klimaks wanneer die rivier uitmond in die see.

Neem op band en evalueer.

4. Beluistering :

Barvinsky : 'n Ligte reënbus.

Beethoven : Pastorale Simfonie.

Handel : Watermusiek.

Haydn : Simfonie No. 8.

Respighi : Fonteine van Rome.

Rimsky-Korsakov : Scheherazade.

Rossini : Wilhelm Tell Overture.

Schubert : Forelle-kwintet.

Smetana : Moldau.

Strauss : Die blou Donou.

Tschaikovsky : Blommewals uit Neutkrakersuite.

Verdi : Otello.

Wagner : Die Götterdämmerung : Siegfried se vaart op die Rein.

5. Liedere :

Net soos 'n waterstroompie - FAK. p. 74

So lank as die rietjie in die waterstaan - FAK. p. 367

- The Water is Wide. - SB 7 - 8 p. 188.  
Drip - Drop the Rain. - NDM Vol. II p. 88.  
Eḡ regnet. - NDM Vol. II p. 190.  
Clouds. - Ex. Mus. Vol. III p. 61.  
Harvest Song. - Ex. Mus. Vol. III p. 61.  
Land of the Silver Birch. - Ex. Mus. Vol. III p. 35.

### 5.3 Kleur :

#### 1. Taak :

'n Plakboek van alle kleure wat in die natuur gevind word, bv. droë blomme, blare, stokkies, skulpies, ens. kan saamgestel word.

1.1 Vind uit hoe sekere kleure ontstaan in die natuur, bv. 'n reënboog, kleure by sonsondergang, verskillende kleure van die see, ens.


#### 2. Eksperimenteer met verskillende kleurkombinasies en vergelyk dit met klankkleur.

Metode wat gevolg kan word :

Skryf die kleure soos dit voorkom in 'n reënboog op die bord en daarteenoor waar dit nog aangetref word - in die natuur of in liedere. Soek uit die woorde die letters van die musiekalfabet en improviseer daarvolgens 'n melodie of ostinaatpatroon vir die betrokke kleur. Neem 'n melodiese instrument vir elke kleur, asook 'n blokfluit of stemme wat die witlig suggereer. Die komposisie begin met 'n enkeltoon. (die witlig)  
Op 'n teken van die dirigent begin hul gelyk improviseer

op die verskillende tone. (verskillende kleure van die reënboog). Improviseer volgens die boog totdat die dirigent almal gelyk stop. Die "witlig" speel gedurende die hele komposisie, bv. 'n c op 'n blokfluit.

Rooi : Bloedrooi die rose en helder die dou - b, e, d




Sopraan glockenspiel

Oranje : Oranje blanje blou - a, e, d




Alt glockenspiel - sagte hamer

Geel : Blare in die herfstyd - g, e, b, a, d, f



Sopraan xилоfoon - harde hamer

Groen : Groen is die land van Natal - g, e, d, a




Alt xилоfoon

Blou : soos die lug daar bo - b, d, e, g, a




Metallofoon - sagte hamer

Indigo - d, g




Bas xилоfoon

Violet : violtjies by die dam - e, b, d, a



Bas metallofoon

58.



4. Beluistering :

Ellington : Mood Indigo.

Menotti : The Medium, O Black Swan.

Sir Arthur Bliss : A Colour Symphony.

Williams : Fantasia on Greensleeves.

5. Liedere :

Goud en Silwer - FAK. p. 160

Goue koring goue hawer - FAK. p. 7

Sing a Rainbow - NDM, Vol. VIII p. 12.

The Yellow Rose of Texas - NDM, Vol. VIII p. 248.

Green Green - SB VI p. 290.

Hawaiian Rainbows - NDM, Vol. II p. 43.

Black and Gold - NDM, Vol. II p. 173.

Naranjita (The Golden Orange) - Ex Mus Vol. VI p. 162.

Red River Valley - Ex Mus Vol. V p. 109.

9.5 WETENSKAP


9.5.1 Masjinerie :

1. Taak :

Die uitvinding en ontwikkeling van verskillende masjinerie kan nageslaan word, bv. motors, treine, horlosies, draai-orrels, ens. Leerlinge kan gemotiveer word om op te lees wat gebruik <sup>was</sup> <sub>^</sub> voor die ontwikkeling van verskillende masjiene.

2. Klanke van masjinerie asook huishoudelike klank kan op band geneem word en in die klas teruggespeel word terwyl die leerlinge luister of hulle die klanke herken, bv. wasmasjien, stofsuiers, grassnyer, trekker, trein, motor, ens.

'n Museum waar outydse draai-orrels, spinette, ens. uitgestal word, kan besoek word en leerlinge kan die werking daarvan bestudeer. Kaarte van bekende melodieë vir 'n draai-orrel kan gemaak word. (Gebruik 'n kort gleufie vir 'n kort klank en 'n langer gleuf vir 'n langer klank).




'n Besoek aan 'n fabriek kan gebruik word in nog 'n projek.

3. Klankprojek :

3.1 Kinders bring enigiets wat 'n bekende deuntjie speel na die klas, bv. juwelekissies, speelgoed, horlosies, ens. Afhangende van die hoeveelheid instrumente word die klas in groepe verdeel en elke groep meot 'n Rondovorm improviseer met behulp van ponskaarte en die instrumente tot hul beskikking.

bv. A 


B Juwelekissie.

A 

C Speelgoed.

A 

D Horlosie.

A 

3.2 'n Reënerige oggend : (12)

Klas verdeel in agt groepe.

Groep 1 : Die grootste aantal leerlinge, boots die klank van die motor se masjien na.




Eksperimenteer ook met verskillende instrumente of vokale klank, b.v. (brmm, woom, ens). Leerlinge luister na mekaar om die aanskakel, versnellings, ratte veranderinge, luier, stadiger ry, ens. reëlmatig en gelyk te doen.

Groep 2 : Een of twee spelers : vir die flikker-



ligte, word 'n tweetoon houtblokkie, tom-tom of twee tone op 'n melodiese instrument, gebruik.

Groep 3 : Voetgangersoorgang : twee of meer spelers.




rooi mannetjie - simbaal.  
groen mannetjie - hoë vokale klank vir 10 sekondes.

Groep 4 : Toeter : vokale klank, 'n regte toeter





indien beskikbaar, of nabootsende instrument.


Groep 5 : Verkeersligte : Metallofoon of waterbottels, hoë middel en lae klanke onderskeidelik vir die rooi-, oranje- en groenlig. 'n Paar sekondes van stilte voordat die ligte verander.




59.



Groep 6 : Verkeerspolisie ry verby - klank van  
 sirene op 2 tone.

Groep 7 : Reënveërs : Skuurblokkies - dit kan in  
 verskillende tempo's gespeel word.

Groep 8 : Zebra - oorgang : Verkeerspolisie  
 reguleer die verkeer, gebruik 'n  
fluitjie en trommetjie.

### 3.3 'n Reis per trein :

Die klas verdeel in verskillende groepe.

Groep 1 : Die klank wat die trein maak word ge-  
ïmproviseer - vokaal of instrumentaal  
bv. skuurblokkies en 'n houtblokkie.

Groep 2 : Kondukteur met sy fluitjie en vlaggie.

Groep 3 : Verskillende diere wat gesien word, bv.  
skape, hoenders, beeste, perde, voëls,  
ens. Vokale klank of instrumente wat  
die klank naboots word gebruik.

Groep 4 : Watergeluide : blaas deur 'n strooitjie  
in 'n glas water. Brug of Tonnel :  
blaasgeluide in 'n pyp of holhand. 'n  
Slag op 'n simbaal suggereer die trein  
wat deur die tonnel of oor die brug gaan.

Groep 5 : Die passasiers kan liedjies wat oor  
'n trein of die natuur handel sing.

Leerlinge improviseer hul treinreis volgens die  
aanduidings van 'n dirigent.

4. Beluistering :

Anderson : Syncopated Clock.

Haydn : Speelgoedsimfonie.

Honegger : Pacific 231.

Kodály : Viennese Musical Clock.

Liadov : Musical Snuffbox.

Maykapar : Juwelekissie.

Mossolov : Simfonie van Masjiene

Orth : In a Clock Store.

Rebikoff : Dans van die Klokkies.

Sakayama : Raid the Refrigerator.

Sjostakowitsj : Juwelekissie - wals.

Thomas : Spinning Wheel.

Villa - Lobos : Treintjie van Caipira.

5. Liedere :

So ry die trein - FAK. p. 333

The Bus Song - NDM Vol. II p. 24.

The little Car - Ex Mus Vol. II p. 33.

Old Brass Wagon - Ex Mus Vol. II p. 3.

There's a Little Wheel A - Turnin - Ex Mus Vol. III p. 177

9.5.2 Ruimte :

1. Taak :

Foto's in atlasse oor die ruimte asook ruimtereise kan hier dien as bron vir verklanking.

Die melkweg en sterreheemel op 'n wolklose aand kan geskets word asook die verskillende figure wat die sterre vorm.

2. Projekte :

2.1 Groepe van 2 - 3 instrumente in verskillende dele van die klaskamer, word opgestel.

2.2 Twee groepe in teenoorgestelde <sup>rigtings</sup> eksperimenteer t.o.v. dinamiese verskille, eggo-effekte, kontrasterende klank, ens. Een groep kan ook buite die lokaal wees.

2.3 Variasie van 'n musikale idee deur verskillende groepe of van die een groep na 'n ander groep, word gedoen.

Dit moet op band geneem, gespeel en bespreek word.


3. Projek :

3.1 Die Wêreldruim :


Woorde wat die wêreldruim uitbeeld kan op die bord geskryf word. Dit word verklank en voorgestel deur simbole, bv.

Koue, hitte, vertes, oneindigheid, sterre, sterrebaan, leegheid, donkerheid, hemelstraat, skitterende ligte, ens.


60.




Klankwolke: Klavier.




Koue wêreldruim:  
(glas en skottels  
word teenmekaar  
gekap)




Helderheid :  
(viole - baie hoë  
tone)




Sterrebaan: (fluite)




Stralende lig:  
(driehoek, metallo-  
fone)




Koue: (viole, speel  
agter die brug, glase  
word bestyk)




Oneindigheid:  
(ghong met filt-  
hamer geslaan)




Gasse:  
(schhh - vokale  
klanke)




Vertes, vreemdheid:  
(gedempte strykers,  
trompette)




Skitterende ligte:  
(glockenspiels)




Leegheid :




Melkweg :  
(driehoek - klokkies  
vingersimbale)



Skietende ster :  
(dalende passasie)



Wydte van die heelal:  
(neuriekoor)




Donkerheid :  
Baie lae klanke.

Die klaskamer word donker gemaak. 'n Dirigent lig met 'n flits van die een blokkie na 'n ander terwyl die res van die klas die simbole verklank. Dinamiese verskille en deurlopenheid kan verkry word deurdat die klank wegsterf wanneer die ligkol van 'n blokkie af-wegbeweeg en die klank van die volgende blokkie sag invloei. Om digtheid te verkry kan meer as een flits gebruik word.

### 3.2 'n Ruimtereis : (13)

Die klas word in agt groepe verdeel.



Groep 1 : Die son : 'n Toontros wat gedurende die hele komposisie aanhou op 'n orrel, of die boonste register van 'n klavier, stemme, fluite, stemvurke, ens. kan ook gebruik word.




Groep 2 : Die planete : 'n Ghong of simbale, word met 'n harde hamer geslaan, die klank sterf dan weg.




Groep 3 : 'n Groep sterre : Verskillende groottes driehoeke en metallofone, speel toontrosse met harde slanners.



Groep 4 : 'n Enkel helder ster : Enkeltone op 'n glockenspiel word gespeel. Die klank moet helder en hard wees en wegsterf.



Groep 5 : Groepie sterre. 'n Alt xilofoon - improviseer met 'n harder slaner.




Groep 6 : Stof en Gasse : Twee tipes klank kan gebruik word -  
Stof - marakkas en skuurblokkies.  
Gasse - vokale klanke bv. shhh en shoochhh.



Groep 7 : Astroïdes en meteoriete. Keteltromme en tromme word met sagte slanners bespeel. Gly - effek word deur fluite verkry.

61.



Groep 8 : Sonstrale. 'n Nat vingerpunt wat oor die dun randjie van 'n wynglas getrek word om 'n deurlopende fluittoon daar te stel, kan hier gebruik word.



4. Beluistering :

Dodge, C. : Earth's Magnetic Field.

Gustav Holst : The Planets.

Ligeti : Atmosfeer.

Richard Strauss : Also Sprach Zarathustra.

5. Liedjies :

Die Sterretjie - FAK. p. 130

The Moon - NDM Vol. III p. 145.

Sun is down - NDM Vol. III p. 8.

Up in a balloon - NDM Vol. III p. 161.

Great Big Stars - SB II p. 184.


9.5.3 Gebeentes :

1. Taak :

'n Versameling gebeentes van dooie diere, visse, voëls, ens. kan so gerangskik word dat die geraamte van 'n dier duidelik gesien word of gevorm word om mooi patrone of lyne van die bene te maak.


2. Die klankmoontlikhede van bene of versteende geraamtes kan vervolgens ontgin word.


3. Projek:



N.a.v. die visskelet kan daar geïmproviseer word volgens die lyne wat waargeneem word bv. 'n dalende toontros waaruit skerp klanke in kort dalende of stygende passasies voorkom soos bv. 'n vinnige glissando op 'n glockenspiel.

Die volgende sketse kan ook as stimuli vir 'n klankkomposisie dien.





4. Beluistering :

Berlioz, H. : Simfonie Fantastique.

Chadwick, G. : "Hobgoblin" uit Simfoniese sketse.

Gould, M. : Halloween.

Ives, C. : Halloween.

Liszt, F. : Totentanz.

Mousorgsky, M. : A night in the Bare Mountain.

Saint Saëns, C. : Danse Macabre -

"Fossiele" uit "Karnaval van die Diere"

5. Liedere :

Skin and Bones - SB I p. 205.

Nobody likes a Ghost - SB I p. 162.

This House is Haunted - Ex. Mus. Vol. III p. 47.

Halloween - Ex. Mus. Vol. III p. 46.

Ghost of Tom - Ex. Mus. Vol. VI p. 202.

19.5.4 Tyd :

1. Taak :

Die ontstaan van dag en nag, maande, jare en seisoene of watter gebeurlikhede in die heelal aanleiding gee daartoe, kan dien as onderwerp.

2. Die klankmoontlikhede van gebeure wat in die nag, dag, maand, jaar of seisoen gebeur, word bespreek. Skryf die woorde op die bord, skeep simbole of prente om dit te noteer, maak 'n komposisie daarvan en verklank dit. Eksperimenteer ook met bewegings. bv.

3. 3.1 Nag :

Donkerheid.	Nagmerrie.
Stilte.	Eensaamheid.
Vrees.	Warmte.
Geluide: uil, insekte.	Sterre.
Drome.	Maan.
Voetstappe.	Horlosie wat tik.

OF

Nag in 'n Stad. bv.

Straatligte.

Nagklubs.

Remme.

Ligte wat flikker.

Verskillende komposisies kan gemaak word vir:

Nag in 'n stad.

'n Nagmerrie.

Nag in die Karoo.

Dit kan genoteer word n.a.v. die horlosie-idee.

3.2 Dae en Maande :

Die klas kan 'n bespreking hou van gebeurlikhede wat in die week of maand gaan plaasvind, bv. belangrike vakansie-dae, sp<sup>o</sup>rtbyeenkomste, sosiale gebeure in die skool of omgewing. Die gebeure word verklank en genoteer volgens geskikte simbole vir die betrokke dae van die week of maand. Die kalenderidee om die

simbole te noteer, kan as voorbeeld dien.

3.3 Seisoene :

Die verandering van seisoene gedurende die jaar, asook veranderinge in die natuur wat daarmee gepaard gaan, kan as projek dien.

Bv. Somer : warm, droog, vakansie, baie voëls en insekte, ens.

Herfs : Plante verkleur, klimaat word koeler, trekvoëls vertrek, weinig blomme, ens.

Winter : Koud, sneeu, reën, mistig, alle plante en bome is kaal, ens.

Lente : Warmer, alles kry lewe, voëls, knoppies, bloeisels, ens.

Noteer die seisoensveranderinge volgens maande, bv.

63

Driehoekies

Klokkies

Glockenspiel

Glase

Blokfluit


Trom

Insekte

Stemme

Klavier

Ghong



'n Ghong dui die verloop van die jaar aan volgens die maande en word elke 10 sekondes geslaan.

4. Beluistering :

- Britten : "Notturmo for piano"  
Debussy : Nocturne vir Orkes. Cläre de Lune.  
Debussy : Prelude to the Afternoon of a Faun.  
Grieg : Oggendstemming uit Peer Gynt Suite.  
Mendelssohn : Nocturne uit "Midsummernights Dream."  
Mussorgsky : Night on the Bare Mountain.  
Prokofieff : Summer Day Suite.  
Rossini : Oggend uit Wilhelm Tell.  
Schönberg : Verklärte Nacht Op. 4.  
Vivaldi : Die Seisoene.

5. Liedjies :

- Lente liedere uit die FAK.  
Spring Song - Ex.Mus. Vol. II p. 148.  
Night - Ex.Mus. Vol. V p. 167.  
Morning Song - Ex.Mus. Vol. II p. 149.  
Everybody loves Saturday Night - Ex.Mus. Vol. VI p. 145.  
Every Night when the Sun goes in - Ex.Mus. Vol. VI p. 20  
Banana Boat Song - NDM Vol. VIII p. 45.  
Las Mañanitas - NDM Vol. VIII p. 71.  
October - NDM Vol. II p. 172.

## 9.6 KUNSTE

### 9.6.1 Letterkunde :

Aangesien taalgebruik so 'n noue skakeling vorm met musiek bied dit vele moontlikhede t.o.v. kreatiwiteit. Die gesproke woord beskik oor metrum, klankkleur en toonhoogte. Die metrum kan vloeiend, rukkerig, vinnig of stadig, reëlmatig of vry wees. Die klankkleur van die woord kan lig of donker van tekstuur wees terwyl die toonhoogte wat deur die stembuiging bepaal word die emosie (treurig, opgewek, hartseer) weergee. Dus kan musiek gebruik word om die betekenis van die gesproke woord te intensiveer.

#### 9.6.1.1 Poësie :

1. Gebruik slaginstrumente om 'n gedig te begelei.
2. 'n Oorspronklike gedig kan voorgedra word met perkussie-begeleiding. Eksperimenteer ook deur bekende gedigte op bekende gepaste melodieë te sing.
3. Vorm in musiek kan met vorm in die poësie vergelyk word.
4. 'n Dans met poësie as stimulus, begelei deur slaginstrumente, kan geïmproviseer word.
5. Instrumentale klankeffekte, soos deur leerlinge voorgestel, kan bekende gediggies bv. Hompie Kedompie, begelei. Bv.

Hompie Kedompie sit op die wal  
(Houtblokkie op elke pols)

Hompie Kedompie het afgeval  
(tramm op tamboeryn tot einde van reël)

Die koning se mense doen al wat hul kan  
(Ritmestokkie op elke pols)

Maar Hompie Kedompie bly plat soos 'n pan. (Simbaal)  
(Houtblok op elke pols)

Die Miskruier

64

Stem	Rol	Rol	Rol	hoe	groter	word	die	bol
Kokosneut-doppie								
Xilofoon								
Simbaal								

Stem	word	jy	dan	nie	alte	moeg	van	al	diesukkel	en	dieswoeg
Kokosneut-doppie											
Sugte/kreune											
Marakka											

Stem	Nee	nee	basie	dis	mos	kos	vir	my	kleintjiesin	die	hos
Kokosneut-doppie											
Kougeluide											
Houtblokkie											
Ritmestokkies											
Bosgeluide											

# BLACK CAT

for Voices and Percussion

Words and music by CHRISTOPHER

		1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17		
1	Voices	On the lawn — N. (pp low-single note)			silent			and death-still LL.			a black cat is waiting — NG. (natural speaking tone)			He bringS — (p low-single note)						
2	Chime bars (2 Bves chromatic)	H																		
		M																		
		L		<i>p</i>	<i>f</i>	<i>p</i>				<i>pp</i>				<i>p</i>	<i>f</i>			<i>p</i>	(fast)	
3	Suspended cymbals (soft sticks)	H																		
		L		<i>p</i>	<i>f</i>	<i>p</i>				<i>pp</i>				<i>p</i>				<i>f</i>		
4	Xylophone (hard sticks)	H																		
		M																		
		L					<i>pp</i>							<i>p</i>					<i>p</i>	(fast)
5	Triangles (metal and rubber beaters)	H																		
		L		(metal beater) <i>f</i>					(rubber beater) <i>pp</i>									(rubber beater) <i>p</i>		<i>f</i>
6	Marcas																			
				<i>p</i>	<i>f</i>	<i>p</i>							<i>p</i>	<i>p</i>						

18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30 31 32 33 34 35 36 37 38 39 40 41 42

		18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30	31	32	33	34	35	36	37	38	39	40	41	42	
1	Voices	S.H.S			for a moment			the hun- (sing)			ter's — jun- (sing)			gle			(natural speaking tone)			into			a city — y garden.				
2	Chime bars (2 Bves chromatic)																										
3	Suspended cymbals (soft sticks)																										
4	Xylophone (hard sticks)																										
5	Triangles (metal and rubber beaters)																										
6	Marcas																										

# Autumn

prano glockenspiels  
[and Violins  
pizz. ad lib.]

1 Random notes ad lib. very fast.

2

3

4

very quiet

getting louder

getting quieter

Metallophone(s)  
[or chime  
bars] C, A, G, D.

*f*

*f*

*f*

5

6

7 Each player chooses one note and g  
repeats it at a steady pulse ad lib. getting gradually slower.

*p*

*mf*

*p*

*mf*

*pppp*

C

A

G

D

Free durations

Voices

A B G#

A F# G#

F

G E F# F

D# D

The fal - ling leaves — fall and pile up — The rain beats on the rain —

\*Hold these notes until the last singer arrives.

Die Japanese Haiku gedigte leen hul tot kort koor-  
improvisasies en die gebruik van tekstuur en kon-  
toerlyne.

66.

Slowly IN THESE DARK WATERS: DRAWN FROM MY FROZEN

Deep voices }  
low cluster on mirror trial

Women Div. 2

UP IS

